Rainbow WORKBOOKS



a b c d e
f g h i j
k l m n o p
q r s t u
v w x y z

**AFRIKAANS HOME LANGUAGE**
**GRADE 4 – BOOK 1**
**TERMS 1 & 2**
**ISBN 978-1-920458-39-3**
**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**
**14th Edition**

ISBN 978-1-920458-39-3
9 781920 458393

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 4 Boek 1

ISBN 978-1-920458-39-3

Hersien volgens die KABV





Graad 4

| Naam: | Klas: |
| --- | --- |
| | |


basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2



Mev. Angie Motshekga,
Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

### Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



### Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



### Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



### Gesin en familie



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

### Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.




### Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



### Vryheid en sekuriteit



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op `n vreedsame manier.

### Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



### Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.




### Veiligheid



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.


### Burgerskap




Wees `n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

### Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa


© Department of Basic Education
Fourteenth edition 2024


ISBN 978-1-920458-39-3


**This book may not be sold.**


The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

Please see page 133 for instructions on how to make these pencil toppers.
















GEN HL G4 BK1_CUTOUTS.indd 145 2014/05/05 11:12 AM





Rainbow WORKBOOKS

Graad 4

# Huistaal

## IN AFRIKAANS



Hierdie boek behoort aan:





AFRIKAANS

Boek 1

# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE WERKBOEK

Gebruik hierdie Werkboek saam met u ander hulpbronne. Raadpleeg die KABV vir die Intermediêre Fase.

Dit is vir ons aangenaam om hierdie Werkboek vir Huistaal in die Intermediêre fase aan u beskikbaar te stel. In die Intermediêre Fase behoort leerders die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat hulle in sosiale situasies nodig het, asook die kognitiewe akademiese vaardighede wat hulle vir leer oor die hele kurrikulum heen nodig het, te ontwikkel. Ons hoop dat hierdie Werkboek vir u van waarde sal wees terwyl u leerders help om hierdie vaardighede te ontwikkel.

Die Werkboek is volgens die tweeweeklikse siklusse van die KABV georganiseer. U sal 'n oorsig van wat in elke tweeweeklikse siklus gedek sal word, op bladsy 1, 35, 69 en 103 van hierdie Werkboek aantref. Elke tweeweeklikse siklus dek die volgende vier taalvaardighede:




**1 Luister en praat (mondeling) – 2 uur per siklus**

Leerders moet voldoende geleentheid kry om hulle luister- en praatvaardighede te ontwikkel ten einde hulle in staat te stel om inligting in te samel, probleme op te los en idees en menings uit te druk. Die Werkboek bevat 'n aantal praat- en luisteraktiwiteite wat u kan uitbrei om seker te maak dat leerders genoeg mondelinge oefening kry.




**2 Lees en kyk – 5 uur per tweeweeklikse siklus**


Die KABV vereis dat leerders tydens elke tweeweeklikse siklus spesifieke tekste en genres moet lees. Dit sluit die volgende in: kortverhale, volksverhale, persoonlike vertellings, briewe, e-posse, dagboekinskrywings, toneelstukke, koerantberigte, tydskrifartikels, radio-onderhoude, gedigte, oorredende tekste, advertensies, instruksies, aanwysings en prosedures. Daarbenewens skryf die KABV voor dat leerders inligtingstekste met visuele elemente moet lees: kaarte, tabelle, diagramme, breinkaarte, weerkaarte, plakkate, kennisgewings, prente en grafieke. U sal 'n goeie verskeidenheid van hierdie tekste in die Werkboek aantref.

Die KABV spesifiseer 'n leesproses bestaande uit pre-lees-, lees- en post-leesstadia. 'n Bruikbare grafiese uiteensetting van die leesproses verskyn op die omslag van hierdie boek.




**3 Skryf en aanbied – 4 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV skryf voor dat leerders gereeld die geleentheid moet ontvang om te oefen hoe om tekste in verskillende kontekste te skryf. Die Werkboek voorsien 'n aantal verskillende skryfraamwerke en grafiese organiseerders waarbinne leerders geskrewe, visuele en multimediatekste kan aanbied. U sal 'n grafiese uiteensetting van die skryfproses op die omslag van hierdie boek aantref.







**4 Taalstrukture en -konvensies – 1 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV voorsien 'n lys taalstrukture en -konvensies (-items) wat in elke graad gedek behoort te word. Die Werkboek sluit spesifieke oefeninge vir elk van die tweeweeklikse siklusse in. Hierdie aktiwiteite bevat meesal notas waarin die taalkonvensies verduidelik word.

Raadpleeg asseblief die Werkboekopleidings-handboek.

# Inhoud



## Tema 1: Verhale en verse


**Kortverhale**
**Kwartaal 1: Week 1 – 2**

**1 Ons speel die spel** 2
Pre-lees en voorspelling van die storie.
Lees 'n kortverhaal.
Bespreking van die karakters, die agtergrond en die intrige.
Bespreking en voorspelling van hoe die storie sal eindig.
Skryf 'n slot vir die storie.

**2 Ons dink na oor die storie** 4
Woordeskat: Verbind woorde met hul sinonieme.
Begripsoefening: Beantwoord oop en meerkeusevrae.
Som die gebeure vanuit die oogpunt van een van die karakters op in die vorm van 'n dagboekinskrywing in die verlede tyd.

**3 Wat toe gebeur het** 6
Lees die einde van die storie.
Hervertel die storie in die korrekte volgorde.
Nommer die sinne om die korrekte volgorde aan te dui.
Soek en onderstreep werkwoorde in die storie.
Skryf sinne met party van die werkwoorde.
Die vyf stappe in die skryfproses.

**4 Skryf 'n storie** 8
Volg die stappe in die skryfproses om 'n storie te skryf.
Beplan die storie met behulp van 'n kopkaart.
Skryf 'n storie met behulp van 'n raamwerk.
Stuur 'n SMS bestaande uit eenvoudige sinne.

**5 Verskillende sinstipes** 10
Identifiseer die vier sinstipes.
Klassifiseer sinne in een van die sinstipes.
Omkring die werkwoorde in 'n lys woorde.
Skryf eie sin van elke tipe neer.
Die verlede tyd en die toekomende tyd.
Onderstreep die werkwoord in sinne.

**6 Jabu maak roereier** 12
Pre-lees en voorspelling van waaroor die storie handel deur visuele leidrade te gebruik.
Bespreek die storie, die karakters en die intrige.
Gebruik 'n kopkaart en praatborrels om die storie te ontwikkel.
Beplan om 'n storie met behulp van 'n eenvoudige organiseerder te skryf.
Skryf die storie met behulp van die grafika en kopkaart.

**7 Wat die boekomslag vir ons sê** 14
Gebruik die vorige storie as grondslag vir 'n boekresensie. Bekom inligting uit die storie en die boekomslag om die intrige en karakters op te som.
Identifiseer die konvensies op die omslag.
Som die storie vanuit die oogpunt van die hoofkarakter in die vorm van 'n dagboekinskrywing in die verlede tyd op.
Herskryf woorde in alfabetiese volgorde.
Verbind woorde met hul antonieme.
Kies die korrekte versamelname.

**8 Ons kan stories skryf** 16
Beplan en skryf 'n persoonlike vertelling.
Fokus op onderwerpsinne en paragrawe.

**Die digkuns**
**Kwartaal 1: Week 3 – 4**

**9 Wat sê die nuus?** 18
Lees 'n nuusberig.
Pre-lees en voorspelling van waaroor twee artikels handel.
Bespreking van artikels: begripsvrae.
Vokale: kort en lang klanke.
Voltooi punktuasie.

**10 'n Nuusberig** 20
Beplan 'n nuusberig oor 'n skoolprestasie.
Volg die stappe van die skryfproses.
Teken 'n prent oor die artikel.

**11 'n Brief met selfstandige naamwoorde** 22
Lees 'n brief en vul die selfstandige naamwoorde in.
Vul eiename, soortname en abstrakte selfstandige naamwoorde in.
Skryf 'n dagboekinskrywing met abstrakte selfstandige naamwoorde.
Som 'n dagboekinskrywing in die vorm van 'n SMS op.
Vul eiename op 'n vorm met persoonlike inligting in.
Onderskei eiename en soortname.

**12 Ons hou toespraak** 24
Berei 'n toespraak op grond van eie koerantberig voor.
Wenke oor hoe om 'n toespraak voor te berei.
Skryf kort aantekeninge wat tydens die toespraak gebruik kan word.
Abstrakte selfstandige naamwoorde.

**13 Saamgestelde woorde** 26
Die saamvoeging van soortname.
Teken prentjies van saamgestelde woorde.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Verbind stamwoorde met hul verkleinwoorde.
Skei woorde om abstrakte selfstandige naamwoorde te kry.

**14 'n Artikel** 28
Pre-lees en voorspelling van waaroor 'n artikel handel.
Lees die artikel.
Begripsoefening: Die beantwoording van vrae oor die artikel.
Benoem die dele van 'n fiets.
Herskryf sinne met die korrekte punktuasie.

**15 Werk met woorde** 30
Bespreking van meervoudspelreëls.
Skryf die korrekte meervoude van 'n aantal woorde.
Onderskei tussen manlike en vroulike selfstandige naamwoorde.
Voorsien 'n storie van die korrekte punktuasie.
Telbare en ontelbare selfstandige naamwoorde.

**16 Ons skryf 'n storieboek** 32
Beplan om 'n storieboek te skryf.
Die skryf en aanbieding van 'n storieboek wat uitgeknip kan word.








# 1 Ons speel die spel

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.

**Ons praat**

Kyk na die prent en voorspel wat jy dink in die storie gaan gebeur. Dink jy dit gaan 'n ware verhaal wees? Hoe oud dink jy is die kinders in die storie?

As jy nie seker is of 'n woord op 'n **d** of 'n **t** eindig nie, sê die meervoud of vorm 'n ander woord. Dan sal jy kan hoor wat dit moet wees, bv. hond – honde, goed – goedere.



**Ons lees**

Dit was 'n **koel** dag in Januarie.

Die onder-10-sokkerspan van Nuwedorpskool spring van die bus af terwyl hulle opgewonde met mekaar gesels. Hulle is op pad om hul finale wedstryd vir die seisoen te speel. Terwyl hulle oor die veld na die stadion toe stap, hoor hulle die vuvuzelas en die gejuig.

Almal is **opgewonde** oor die eindstryd tussen Nuwedorp-skool en Heuwelsig-laerskool.

Anita en Mandu is al **meisies** in die Nuwedorpspan. Hulle hoop hulle gaan sterk genoeg wees om Heuwelsig-laerskool te **klop**.

**V** staan nooit aan die einde van 'n woord of lettergreep nie.

Terwyl Anita, die kaptein, oor die veld stap, probeer sy haar voorstel hoe dit sal **voel** om die trofee namens haar span te ontvang. Sy dink aan hoe die trofee in die sonlig sal blink. Anita gee baie om vir ander. Sy het 'n skoolkonsert georganiseer om geld in te samel om sokkerstewels te koop vir spanmaats wat nie hul eie kon bekostig nie. Vandag is sy gereed om haar span na die **sege** te lei!

Die negejarige Mandu is ook opgewonde. Sy droom hoe dit sou wees om die wendoel met haar nuwe geel sokkerstewels aan te

Datum:



teken. Maar dan roep sy skielik uit toe sy in 'n diep gat trap.

"Help my!" kerm Mandu. Anita, Pieter en Jabu hardloop terug om haar op te help. "Ag nee!" kla Mandu terwyl sy op een been rondspring. "Ek kan nie op my voet staan nie!" Sy gaan op die gras sit. "Ek hoop nie ek het my enkel gebreek nie," **sê** sy deur haar trane.

Anita wonder watter gevolge Mandu se besering gaan hê. "As Mandu nie kan speel nie, sal ek ook nie kan speel nie. Ek sal haar na die kliniek toe moet neem," dink sy.

Die ^ kom net op klinkers/vokale in Afrikaans. 'n Kappie dui aan dat die klank 'n lang, uitgerekte klank moet wees.

Anita trek haar asem diep in.

"Moenie bekommerd wees nie, Mandu," sê sy, "ek sal jou dokter toe neem."

"Nee, Anita, nee! Jy kan dit nie doen nie. Ek sal tot na die wedstryd hier wag."

"Jy kan nie alleen hier bly nie, Mandu," antwoord Anita.

Anita kyk na die res van die span. Dapper onderdruk sy haar trane en sê vir hulle: "Gaan speel julle, en maak seker dat ons wen!"

Ons skryf

Vertel vir jou maat hoe jy dink die storie gaan eindig. Gaan Anita speel, of gaan sy Mandu help?

Skryf 3 tot 5 sinne as 'n slot vir die storie.

# Ons dink na oor die storie



**Ons praat**

Ons leer die karakters in 'n storie ken deur wat hulle doen, dink en sê. Gesels oor Anita se karakter – oor wat sy doen, dink en sê.

**Werk met woorde**

Verbind die woord links met sy sinoniem regs.

'n **Sinoniem** is 'n woord wat dieselfde betekenis as 'n ander woord het.

| | |
|---|---|
| koel | dogters |
| opgewonde | koue |
| meisies | oorwinning |
| klop | bly |
| sege | wen |



**Ons skryf**

Lees weer die storie oor Mandu en Anita en beantwoord die vrae.

| Wie is die twee hoofkarakters in die storie? |
|---|
| |


Omkring die nommer langs die korrekte antwoord.

| Hoe weet ons dat Mandu senuweeagtig was? | |
|---|---|
| 1 | Sy het nie die gat in die grond raakgesien nie. |
| 2 | Sy het gedroom sy skop die wendoel. |
| 3 | Sy wou bitter graag speel. |
| 4 | Sy kon die vorige nag nie slaap nie. |

| Hoe weet ons die spelers was opgewonde? | |
|---|---|
| 1 | Hulle het gewens hulle wen. |
| 2 | Hulle het die vuvuzelas gehoor. |
| 3 | Hulle het opgewonde gesels. |
| 4 | Hulle het nie vir Mandu gehelp nie. |



Datum: ____________



| Watter twee spanne sou aan die wedstryd deelneem? |
|---|
| |
| |
| Soek 'n sin in die storie wat wys dat Anita iemand is wat vir ander omgee. |
| |
| |
| Dink jy Anita was 'n goeie maat vir Mandu? Waarom sê jy so? |
| |
| |






Stel jou voor dat jy Anita of Mandu is. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy vertel wat op die dag van die sokkerwedstryd met jou gebeur het.

Liewe dagboek                    Datum: ____________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 3 Wat toe gebeur het

**Ons lees**

Lees nou hoe die storie geëindig het. Het enigiemand in jou klas hierdie einde verwag?



Anita neem vir Mandu terug na die bus toe, en saam gaan hulle na die kliniek toe. Die dokter ondersoek Mandu se voet deeglik. Sy neem 'n X-straal, en nadat sy daarna gekyk het, glimlag sy vir hulle. Sy sê vir hulle dat Mandu se voet piekfyn gaan wees. Sy draai dit in 'n verband toe, en sê vir Mandu dat sy weer sokker sal kan speel sodra sy gereed voel.

"As julle wil, kan ek julle na die stadion toe neem," sê die dokter. "Ek het lank laas 'n sokkerwedstryd bygewoon."

En so neem die gawe dokter hulle terug na die stadion. Hulle kom teen rustyd daar aan. Die telling is gelykop, 2 vir elke span. Toe die tweede helfte aanbreek, sluit albei meisies op die veld by hulle span aan.

Anita teken dadelik nog 'n doel vir die Nuwedorpspan aan en net voor die eindfluitjie blaas, teken Mandu die vierde doel aan. Die skare juig en die vuvuzelas kan tot in die volgende dorp gehoor word.

Die twee meisies is baie opgewonde toe die span die trofee namens hulle skool ontvang.



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel. • Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks. • As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.



**Ons praat**

Hervertel die storie saam met 'n maat deur beurte te maak. Begin by waar die sokkerspan van die bus afgeklim het, tot aan die einde waar Nuwedorpskool die wedstryd gewen het. Moenie vergeet om te sê wat die eindtelling was nie.

**Ons skryf**

Nommer hierdie sinne van 1 tot 6 om die volgorde van gebeure in die storie aan te dui.

| | |
|---|---|
| | Mandu het nie die gat in die grond raakgesien nie en het daarin geval. |
| | Anita het Mandu na die dokter geneem. |
| | Die dokter het die meisies na die stadion toe teruggeneem. |
| | Die kinders is per bus na die sokkerstadion toe. |
| | Hulle het oor die veld na die stadion toe gestap. |
| | Die spanlede was baie opgewonde toe hulle die trofee ontvang het. |

Datum:

# Werkwoorde














**Werkwoorde** is die aksiewoorde (doenwoorde) wat in sinne voorkom.










| Skryf nou jou eie werkwoorde neer waaraan jy kan dink. | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |




Soek en onderstreep tien werkwoorde in die storie.





Bou 6 goeie sinne met jou eie werkwoorde.

## Hoe om 'n storie te skryf

Wanneer jy 'n storie skryf, moet jy vyf stappe volg.

1. Gebruik 'n geheuekaart om jou storie te beplan.
2. Skryf jou storie rofweg uit.
3. Korrigeer jou spelling en punktuasie.
4. Proeflees jou storie.
5. Skryf jou storie netjies oor in jou boek.



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 4 Skryf 'n storie

Ons skryf

Vul die geheuekaart in om te wys wat in die storie oor die groot wedstryd gebeur het.

## 1 Die begin

Wat het gebeur?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

## 2 Die middel

Wat het toe gebeur?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Vul die titel van die storie in.

______________________________

______________________________

______________________________

## 3 Die middel

Wat het daarna gebeur?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

## 4 Die einde

Hoe het die storie geëindig?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________


Datum:

Ons skryf

Gebruik nou jou geheuekaart om jou storie te skryf. Ons het 'n paar prente ingesluit om jou te help.

| | |
|---|---|
| Titel van die storie | |
|  | |
|  | |
|  | |
|  | Die einde |

Stuur vir die kaptein van die Nuwedorp-sokkerspan 'n SMS om hulle geluk te wens met hulle oorwinning.





ONDERWYSER: Teken Datum

# 5 Verskillende sintipes



## Sintipes

Daar word tussen vier sintipes onderskei:

- Stelsinne
- Vraagsinne
- Bevelsinne
- Uitroepsinne










Ons skryf

Dui aan watter tipe sin dit is: 'n stelsin, 'n vraagsin, 'n bevelsin of 'n uitroepsin.

| Sin | Sinstipe |
|---|---|
| Gauteng is 'n besige provinsie. | |
| "Help, ek verdrink!" | |
| Ry versigtig in Polokwane! | |
| Waar bly Johan? | |

Omkring die werkwoorde.

sit rose maand loop Maandag skool bus speel Anita stoel gooi staan skryf verkoop swem hond piesang klim lees hardloop Smit koop

Datum:


Ons skryf

Skryf nou jou eie stelsin, vraagsin, bevelsin en uitroepsin neer. Onthou die leestekens.



In die verlede tyd gebruik ons "het" na die onderwerp. Ons voeg ook ge- voor aan die werkwoord, wat aan die einde van die sin staan.
*Ek lees die boek.*
*Ek het die boek gelees.*

In die toekomende tyd gebruik ons "sal" na die onderwerp, en die werkwoord staan aan die einde van die sin.
*Ek lees die boek*
*Ek sal die boek lees.*



Ons skryf

Onderstreep die **werkwoord** in elk van die volgende sinne. Werk saam met 'n maat en maak beurte. Een lees die sin en die ander een moet sê of die sin in die verlede tyd of in die toekomende tyd is. Voltooi die opdrag dan skriftelik deur 'n regmerkie in die korrekte blokkie te maak.

| | | Verlede tyd | Toekomende tyd |
|---|---|---|---|
| 1 | Anita het Mandu terug bus toe geneem. | | |
| 2 | Mandu het baie doele aangeteken. | | |
| 3 | Die dokter sal Mandu se voet ondersoek. | | |
| 4 | Die dokter sal hulle sokkerveld toe neem. | | |
| 5 | Anita en Mandu het albei doele aangeteken. | | |
| 6 | Nuwedorpskool het die sokkerwedstryd gewen. | | |
| 7 | Die kaptein sal die SMS vir die span lees. | | |
| 8 | Die hoof sal die sokkerspan gelukwens. | | |
| 9 | Die kinders het die wedstryd baie geniet. | | |
| 10 | Die koerant sal 'n artikel plaas. | | |

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# 6 Jabu maak roereier



Ons praat


Kyk na die prentjies en stel jou eie storie saam. Vul die praatborrel by die laaste prentjie in om te wys wat Jabu dink. Jy en jou maat maak beurte om julle stories vir mekaar te vertel.

1



2





Ons skryf

Vul die storie nou in die korrekte raampies op die geheuekaart in.

1 Aan die begin


______________________

______________________

______________________

______________________

______________________



2 Wat toe gebeur het

______________________

______________________

______________________

Die titel van jou storie

______________________

______________________

______________________



3 Wat in prentjie 3 gebeur het

______________________

______________________

______________________



4 Hoe die storie geëindig het

______________________

______________________

______________________

Datum:

NUWE WOORDE



**Ons skryf** Gebruik nou jou geheuekaart om jou storie te skryf.


3



4




1



2



3



4




ONDERWYSER: Teken Datum

# 7 Wat die boekomslag vir ons sê

**Ons praat**

Praat met jou maat oor wat die boekomslag van hierdie boek vir ons sê.




**Ons skryf**

Skryf nou 'n resensie oor die boek.

| | |
|---|---|
| Die titel van die boek | |
| Die outeur | |
| Die hoofkarakters | |
| Die uitgewer | |
| Wat in die storie gebeur | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Skryf twee sinne wat aandui dat daar ander boeke oor Jabu Jabulani is. | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Datum:



Ons skryf

Verbeel jou jy is Jabu. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy opsom wat op hierdie dag gebeur het.



Liewe dagboek                Datum: ____________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



Ons skryf

Herskryf die woorde in alfabetiese volgorde.

Kyk na die eerste letter van die woord om te bepaal watter woord eerste staan volgens die alfabet.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Woorde** | lank | eerlik | bietjie | pragtig | vriendelik |
| **Alfabetiese volgorde** | | | | | |

Verbind hierdie woorde met hul teenoorgesteldes (antonieme) in die onderste ry.

Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lank | eerlik | bietjie | pragtig | vriendelik | sag |


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| baie | onvriendelik | kort | oneerlik | hard | lelik |



Vir die pret

Trek die lyne van die prente na die korrekte versamelname toe na.

Versamelname is die name van 'n groep mense of dinge, byvoorbeeld "'n tros druiwe".



**kudde** **trop** **kolonie** **werpsel** **swerm** **bos**

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 8 Ons kan stories skryf




Kyk na die titel van die storie in die middel van die geheuekaart. Voltooi dan die inligting in elk van die raampies van die geheuekaart.

In hierdie werkkaart kyk ons na hoe om paragrawe te skryf. Alle stories het paragrawe, en elkeen handel oor 'n ander onderwerp. Die eerste sin is gewoonlik die onderwerpsin. Dit sê vir jou waaroor die res van die paragraaf sal handel.

## ALLES OOR MY

**Paragraaf 1**

My naam is

________________________________.

Ek is ___________________ jaar oud.

Ek woon in ______________________.

**Paragraaf 2**

Daar is _______ mense in my familie.

Ek woon saam met my ___________

________________________________.

Ons troeteldier is 'n ____________.

**Paragraaf 3**

Ek gaan na die _____________ skool.

Ek is in Graad _________________.

My gunstelingvak is

________________________________.

**Paragraaf 4**

Na skool ________________ ek

graag.

My maats is _____________________.

Saans voordat ek gaan slaap,

__________________________

____________________

Datum:

NUWE WOORDE

Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart om die storie oor jouself te skryf. Ons het 'n reël tussen die paragrawe oop gelaat.

Wanneer jy jou storie klaar geskryf het, laat jou maat dit lees en foute regmaak.

Paragraaf 1

Paragraaf 2

Paragraaf 3

Paragraaf 4

ONDERWYSER: Teken Datum

# 9 Wat sê die nuus?

## A

Naam van koerant

**KINDERNUUS**

Datum

22 April 2015

Opskrif

## Elfjarige publiseer kookboek

*Zoe Bain* Naamreël




Inleidende paragraaf

Jack Witherspoon lyk net soos enige ander 11-jarige seun. Hy ry skaatsplank, speel sokker, en hy is gek oor kook.

Jack, wat jare lank aan ’n ernstige siekte gely het, het pas sy eerste kookboek, *Twist it Up*, gepubliseer.

Jack het in kook begin belangstel toe hy ses jaar oud was en lank in die hospitaal was. Hy het dikwels in die hospitaal TV gekyk, en toe het hy die Voedselnetwerkkanaal ontdek. Hy het sy eie resepte begin opmaak terwyl hy in die hospitaal was, en toe hy huis toe kon gaan, het hy hulle op die proef gestel.

Jack se boek verkoop oral ter wêreld goed, en hy skenk ’n deel van die geld wat hy uit sy boek verdien aan organisasies wat behoeftige siek kinders help.



Ons praat

Lees die opskrifte, kyk na die prente en voorspel waaroor die artikels op bladsy 18 en 19 handel. Lees albei artikels.

Ken jy die betekenis van al die woorde in die artikels? Indien nie, watter woorde se betekenis ken jy nie? Bespreek die onderstaande vrae in julle groepe.

| |
|---|
| Wat is koerantopskrifte, en hoe trek dit ons aandag? |
| Wat word by die eerste paragraaf ingesluit, en hoe trek dit ons aandag? |
| Waaroor handel elke artikel? Watter gebeurtenis word in elke artikel beskryf? |
| Dink jy die prente pas by die artikel? Motiveer jou antwoord. |



# Nuwedorpskool wen alweer!


8 Maart 2015

*Bheki Phakati*

Nuwedorpskool se Graad 4-klas het gister in die Wêreldboekedagviering 'n prys gewen. Lede van die Graad 4-klas het vir die Graad 1- en 2-kinders stories voorgelees.

Elke Graad 4-kind het vir kinders in die laer grade stories voorgelees. Die Graad 4-klas het sommige van die boeke self gemaak. Ander boeke is gratis deur die uitgewers voorsien. Die kleintjies uit Graad 1 en 2 het baie van die kleurvolle boeke gehou. Baie van die kinders kom uit behoeftige huise waar hulle nie sulke mooi boeke het nie.

Twee van die Graad 4-meisies het die Ontwerp-'n-Boekmerk-kompetisie gewen. Die opgewonde wenners, Bongi Dube en Marie Smit, het 'n prys van 10 boeke gewen omdat hulle die buitengewoonste boekmerke gemaak het.




Bongi Dube en Marie Smit

Wenners van die Ontwerp-'n-Boekmerk-kompetisie




Omkring die woorde met kort klanke (groep 3) met rooi en die woorde met die lang klanke (groep 2) met blou in die artikel op bladsy 18.

Voltooi die tabel met 3 voorbeelde vir elke groep uit koerantberig B.

| Kort klanke | Lang klanke |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Alle woorde bevat vokale, a, e, i, o of u en soms 'n y (diftong). Indien daar net een vokaal is, noem ons dit 'n kort klank, bv. net. Indien daar 2 van dieselfde vokale is, noem ons dit 'n lang klank bv. soos.

Voltooi die punktuasie. Omkring die kleinletters wat hoofletters moet wees.

jack het sowaar 'n blitsverkoper geskryf___

vandag was wêreldboekedag___

wie het die prys gewen___

waarom het nuwedorpskool die prys gewen___



# 10 ʼn Nuusberig



Ons skryf

Werk saam met ʼn maat en beplan ʼn nuusberig oor ʼn prestasie in julle skool.

Dink waaroor julle nuusberig gaan handel. Vul die hoofgedagte van julle berig in die middel van die geheuekaart in. Verdeel die hoofgedagte in 4 stadiums deur van die volgende vrae gebruik te maak: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom? Hoe? Vul die inligting oor elke stadium in die vier raampies in. Gebruik die geheuekaart as jou riglyn wanneer jy jou nuusberig skryf.



1

______________________
______________________
______________________
______________________
______________________
______________________

2

______________________
______________________
______________________
______________________
______________________
______________________



My nuusberig handel oor:

______________________
______________________
______________________

Onthou die stappe van die skryfproses:
1. Gebruik geheue-/kopkaart om te beplan.
2. Skryf die eerste weergawe.
3. Hersien die skryfstuk – korrigeer spelling en punktuasie.
4. Proeflees die skryfstuk.
5. Skryf die finale weergawe.

3

______________________
______________________
______________________
______________________
______________________
______________________
______________________

4

______________________
______________________
______________________
______________________
______________________
______________________
______________________

Datum:

NUWE WOORDE

# KINDERNUUS

Opskrif


Datum

Teken 'n prent oor jou artikel.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 11 'n Brief met selfstandige naamwoorde





Ons skryf

Lees die brief en vul die selfstandige naamwoorde in om die brief verstaanbaar te maak.

- Vul eiename, wat met 'n hoofletter begin, op die groen lyne in, bv. Anita, Durban.
- Vul die soortname wat die name van dinge is, op die rooi lyne in, bv. see, sokker.
- Vul die abstrakte selfstandige naamwoorde, wat sê hoe jy voel, op die blou lyne in, bv. bang.



Steve Bikoweg 24
Heuwelsig
0120
12 Februarie 20____

Liewe __________

Ek is met vakansie. Ek het hierheen gekom saam met my suster, __________ .

Dit is regtig baie lekker in __________ .

Gister het ons __________ toe gegaan, en daarna het ons __________ gespeel.

Later het ons supermark toe gegaan en kruideniersware gaan koop.

Ons het __________, __________, __________ en __________ nodig gehad.

Gisteraand het ons 'n fliek oor dinosourusse gaan kyk. Ek het __________ gevoel elke keer wanneer ek 'n dinosourus met groot __________ gesien het.

Ons het geskree en gegil!

Na afloop van die fliek was ek te __________ om te slaap. Ek het 'n nagmerrie gehad.

Ons sal volgende naweek terug by die huis wees. Ek sien daarna uit om terug te gaan skool toe.

Groete

__________

> **Selfstandige naamwoorde** is die name van dinge en plekke wat jy kan sien en/of aanraak.



Ons skryf

Skryf 'n dagboekinskrywing oor 'n keer toe jy vrees of blydskap ervaar het.

Liewe dagboek

______________________________


______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Skryf nou 'n SMS aan jou maat waarin jy jou dagboekinskrywing opsom.



Datum:

# Eiename

| N | U | W | E | | W |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | O |
| | | | | | O |
| | | | | | R |
| | | | | | D |
| | | | | | E |

Ons skryf

Vul hierdie kaart oor jouself in. Al die antwoorde sal eiename wees, daarom moet hulle almal met 'n hoofletter begin.

## Alles oor my

| | |
|---|---|
| Wat is jou naam? | |
| Waar is jy gebore? | |
| In watter maand verjaar jy? | |
| Wat is die naam van jou skool? | |
| In watter provinsie woon jy? | |
| Wat is die naam van een van jou maats? | |
| Wat is jou klasonderwyser se van? | |
| Wat is die titel van jou gunstelingboek? | |
| Wat is die naam van jou gunsteling-TV-program? | |
| Watter land sou jy graag wil besoek? | |

Ons skryf

Omkring die eiename in die tabel hieronder.

Dit sal waarskynlik die name van mense, plekke, dae of maande wees.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| johannesburg | veronica | mandu | lusikisiki | oupa |
| maandag | stoel | boek | durban | mandla |
| kaapstad | blom | biskop | blom | danie |
| anita | koek | polokwane | fiets | pen |
| stewels | koei | bul | tier | skoen |
| donderdag | oktober | julie | voël | nes |

Skryf die eiename uit die lys hierbo in die korrekte kolomme hieronder.
Skryf die soortname in die laaste twee kolomme.

| Eiename | | | Soortname | |
|---|---|---|---|---|
| Persoon | Plek | Tyd | Ding | Ding |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 12 Ons hou toespraak

Berei 'n toespraak op grond van jou koerantberig (op bladsy 21) voor. Gebruik hierdie wenke om jou te help.




## WENKE OOR HOE OM 'N TOESPRAAK VOOR TE BEREI

- Jou toespraak moet 'n begin, 'n middel en 'n einde hê.
- Hou by die onderwerp en maak seker dat gebeure in die regte volgorde vertel word.
- Onthou om in die regte posisie te staan.
- Gebruik die korrekte stemtoon.
- Maak seker dat almal jou kan hoor.
- Praat duidelik.



Ons skryf

Maak kort aantekeninge wat jy kan gebruik.



Datum: ____________

# Abstrakte selfstandige naamwoorde

Ons skryf

Vul die name in van die emosies wat op hierdie gesiggies getoon word.

bang | gelukkig | kwaad | hartseer

Kyk uit **na abstrakte selfstandige naamwoorde.**

'n Abstrakte selfstandige naamwoord is die naam van iets wat jy nie kan sien, hoor, ruik, proe of aanraak nie.



| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

Ons skryf

Voltooi hierdie sinne deur die **abstrakte selfstandige naamwoorde** in te vul.

teleurstelling | woede | moed | hartseer | pyn | vrees



1. Mandu het baie ____________ ervaar toe sy haar enkel seergemaak het.
2. Sy het ____________ beleef toe sy gedink het dat sy nie sou kon speel nie.
3. Sy het ____________ teenoor haarself ervaar omdat sy in die gat getrap het.
4. Ons het ____________ beleef toe die ambulans haar kom haal het.
5. Dit het baie ____________ van Mandu geverg om weer te speel.
6. Die ander skool het ____________ ervaar omdat hulle verloor het.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________


# Saamgestelde woorde




**Ons skryf** Kyk na die prentjies en probeer uitwerk watter twee soortname verbind word om hierdie saamgestelde woorde te vorm.



see
+ ster
= seester




\+ ______
= ______



\+ ______
= ______




\+ ______
= ______




\+ ______
= ______




\+ ______
= ______



\+ ______
= ______



\+ ______
= ______




\+ ______
= ______



\+ ______
= ______



\+ ______
= ______



\+ ______
= ______



\+ ______
= ______



\+ ______
= ______



\+ ______
= ______

**Ons doen** Teken prentjies vir drie ander saamgestelde woorde. Skryf die woorde daarby.

\+ ______

\+ ______

\+ ______

Datum:

# Lettergrepe





Lees die woorde en klap die lettergrepe.
Verdeel die woorde nou in lettergrepe.

Wat is 'n lettergreep?
'n **Lettergreep** is 'n deeltjie van 'n woord.
As jy 'n woord in lettergrepe kan verdeel, kan jy hom makliker reg skryf.

| Kort klanke | Lang klanke | 2 Klanke |
|---|---|---|
| bal/le | mane | kuiken |
| damme | krane | muise |
| klokke | bome | treine |
| katte | vure | deure |
| blomme | belowe | verskeur |















Verbind die stamwoord met die verkleinwoord.



| Stamwoord | Verkleinwoord |
|---|---|
| broek | treintjie |
| trein | plankie |
| dogter | broekie |
| plank | hondjie |
| voet | dogtertjie |
| hond | voetjie |






Skei hierdie woorde om 15 abstrakte selfstandige naamwoorde te kry.

geluk/hartseerselfvertrouevriendelikheidwaarheidvriendskapmensliewendheidvreugdevryheidkennishongerveiligheid

# 14 ’n Artikel

Ons praat


Lees die opskrifte, kyk na die prente en voorspel waaroor die artikel handel.

Ons lees

Lees die artikel.

Ken jy die betekenis van al die woorde in die artikel? Indien nie, watter woorde se betekenis ken jy nie?

Bespreek die onderstaande vrae in julle groepe.



## Goeie nuus vir jong fietsryers




Die Burger-pretrit het in 2007 die eerste keer plaasgevind. Vandag is dit die tweede grootste fietswedren in die wes-Kaap.

Vanjaar is daar ’n nuwe 15 km-padafstand wat ouers en kinders saam kan ry.

Deelnemers begin by die Hoërskool Stellenbosch en ry dan 8 km ver met Jonkershoekweg langs tot by die ingang van die Jonkershoek-natuurreservaat. Hier draai almal om.

Die pad soontoe is effens opdraand, maar terug is dit afdraand.

Besoek www.dieburger-fietstoer.co.za om in te skryf.

(Uit: *Die Burger*, November 2010)

Ons praat

Bespreek die onderstaande vrae in julle groepe.

**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om ’n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**

- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.


| |
|---|
| Wat is koerantopskrifte, en hoe trek dit ons aandag? |
| Wat word by die eerste paragraaf ingesluit, en hoe trek dit ons aandag? |
| Waaroor handel die artikel? Watter gebeurtenis word in die artikel beskryf? |
| Dink jy die prent pas by die artikel? Motiveer jou antwoord. |



Datum:

Ons skryf

Benoem die dele van die fiets.




1 ____________________

2 ____________________

3 ____________________

4 ____________________

5 ____________________

6 ____________________

Ons skryf

Skryf die sinne korrek oor. Maak seker jy voeg die punktuasie en hoofletters vir eiename in.

? ! . ,

tumi gaan haar verjaardag in julie in durban vier

is jabu die kaptein van die swaeltjies-span

ek het vir my sussie nellie geskree om te stop

ek het 'n koerant 'n tydskrif 'n boek en 'n pen gekoop

ek het 'n toebroodjie met kaas tamatie komkommer en blaarslaai gemaak

veronica en ek besoek graag vir tannie lulu in polokwane

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Werk met woorde






Spelreëls vir die meervoud:

**Kort klanke:** Die medeklinker aan die einde van die woord verdubbel en die woord kry 'n **–e**, by bv. **kat** – **katte**.


**Lang klanke:** Een van die klinkers in die middel val weg en die woord kry 'n **–e**, bv. **boom** – **bome**.


**Diftonge:** Voeg 'n **-e** of 'n **-s** by die woord.

**Onthou:** Daar is altyd uitsonderings op die reëls.

**1** Een kat  Twee ____________

**2** Een boom  Twee ____________


**3** Een boek  Twee ____________


**4** Een net  Twee ____________


**5** Een vuur  Twee ____________

**6** Een dier  Twee ____________


**7** Een lip  Twee ____________

**8** Een been  Twee ____________


**9** Een seil  Twee ____________


**10** Een blom  Twee ____________


**11** Een maan  Twee ____________

**12** Een deur  Twee ____________

**13** Een bul  Twee ____________

**14** Een kaas  Twee ____________

**15** Een seun  Twee ____________

**16** Een neut  Twee ____________

1 katte 2 bome 3 boeke 4 nette 5 vure 6 diere 7 lippe 8 bene 9 seile
10 blomme 11 mane 12 deure 13 bulle 14 kase 15 seuns 16 neute

Dui met 'n X aan of die naamwoord manlik of vroulik is.

| Naamwoord | Manlik | Vroulik |
|---|---|---|
| broer | | |
| ouma | | |
| tannie | | |
| meisie | | |
| vrou | | |
| dogter | | |
| bakster | | |

| Naamwoord | Manlik | Vroulik |
|---|---|---|
| koei | | |
| hen | | |
| prins | | |
| mevrou | | |
| ram | | |
| reun | | |
| skoonpa | | |



Datum:



Ons skryf

Ken jy die temalied van die fliek, *The Lion King*? Dit is “The Lion Sleeps Tonight”. Voorsien die volgende paragraaf van punktuasie, sodat jy meer oor die oorsprong van hierdie lied te wete kan kom.

Onthou om hoofletters vir al die eiename, en kommas tussen woorde in ’n lys te gebruik.



in 1930 het ’n zoeloesanger met die naam solomon linda die eerste opname van hierdie lied in johannesburg gemaak

hy het die lied mbube die zoeloewoord vir leeu genoem

dit is die beroemdste lied wat nog ooit uit afrika gekom het

Die lied “the lion sleeps tonight” is al in frans japannees spaans en deens opgeneem

1 katte 2 bome 3 boeke 4 nette 5 vure 6 diere 7 lippe 8 bene 9 seile

Iets om te leer

**Telbare en ontelbare selfstandige naamwoorde**

Indien jy dit nie kan tel nie, het dit nie ’n meervoud nie. Kyk na hierdie voorbeelde.

| Enkelvoud | Hoeveelheid |
|---|---|
| melk | ’n bietjie melk |
| suiker | baie suiker |
| olie | ’n bietjie olie |
| sand | ’n bietjie sand |
| water | baie water |
| meel | ’n bietjie meel |
| sout | ’n bietjie sout |

| Ek kan | | |
|---|---|---|
| ’n storie lees en die belangrikste boodskappe daarin verstaan. | | |
| begripsvrae op grond van die teks beantwoord. | | |
| die einde van ’n storie voorspel. | | |
| die karakters in ’n storie beskryf. | | |
| ’n storie wat ek gelees het, in die korrekte volgorde oorvertel. | | |
| ’n storie met behulp van ’n geheuekaart beplan. | | |
| ’n storie met ’n begin, ’n middel en ’n einde skryf. | | |
| soortname, eiename en abstrakte selfstandige naamwoorde identifiseer. | | |
| telbare en ontelbare selfstandige naamwoorde identifiseer. | | |
| die meervoudspelreëls toepas. | | |
| sinne van punktuasie voorsien. | | |
| eenvoudige sinne skryf. | | |
| samegestelde woorde vorm deur twee selfstandige naamwoorde saam te voeg. | | |
| die inligting op ’n boekomslag verstaan. | | |
| ’n boekresensie skryf. | | |
| ’n dagboekinskrywing skryf. | | |
| ’n SMS skryf. | | |
| voorspel waaroor ’n artikel handel. | | |
| inligting uit ’n nuusberig of artikel verkry. | | |
| die gebeure van ’n artikel in die korrekte volgorde weergee. | | |
| ’n geheuekaart of kopkaart gebruik om ’n storie of artikel te skryf. | | |
| spelling korrigeer deur ’n woordeboek te gebruik. | | |
| die 5 stappe van die skryfproses. | | |
| ander: | | |
| ander: | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 16 Ons skryf 'n storieboek

Datum: ____________________




Beplan om jou eie storie te skryf. Besluit waaroor jou storie handel. Vul die geheuekaart in om te verseker jou storie het 'n begin, 'n middel en 'n einde.

Vul die volgende geheuekaart in.

**Waaroor gaan jy skryf?**

Wie is die karakters?

______________________________
______________________________
______________________________

Wat is die agtergrond? Waar speel die storie hom af?

______________________________
______________________________
______________________________

Wat gebeur?

______________________________
______________________________
______________________________

Hoe eindig die storie?
Wat was interessant daaromtrent?

______________________________
______________________________
______________________________

**My eie storie**

**Begin**
Begin deur te sê wat aan die begin gebeur het.

______________________________
______________________________
______________________________

**Middel**
Sê wat in die middel van die storie gebeur het.

______________________________
______________________________
______________________________

**Volgende**
Sê wat toe gebeur het.

______________________________
______________________________
______________________________

**Einde**
Hoe het die storie geëindig?

______________________________
______________________________
______________________________




Knip die volgende bladsy uit om 'n boek te maak. Skryf die titel op die buiteblad van die boek. Skryf jou naam onder die titel, want jy is die skrywer. Teken 'n prent op die buiteblad. Skryf nou jou storie met 'n begin, 'n middel en 'n einde.





## AGTERBLAD

Rainbow WORKBOOKS



### OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

STAP 2: Vou op die stippellyn.

STAP 3: Kram aan hierdie kant.

## BUITEBLAD



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 4: Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 1: Vou op die stippellyn.

5




Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

4




Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prentjie.

Teken hier 'n prentjie.




Begin jou storie hier skryf.



2

Teken hier 'n prentjie.



Sluit jou storie af.

7


3

Sit jou storie hier voort.




Teken hier 'n prentjie.

6



Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

Teken hier 'n prentjie.



I n h o u d



# Tema 2: Feit en fiksie


**Volksverhale**
**Kwartaal 1: Week 5 - 6**

**17 Die seun wat "Wolf!" geroep het** 36
Bekendstelling met volksverhale.
Bespreking van die verhaal: die boodskap, karakters en agtergrond.
Bied 'n rolspel van die storie aan.
Woordeskatoefening.
Begripsoefening: Beantwoording van meerkeusevrae.

**18 Die seun wat "Ruimteskip!" geroep het** 38
Voorspelling aan die hand van visuele leidrade.
Bespreking van die storie en skryfaktiwiteit gebaseer op die agtergrond, karakters en intrige.
Vergelyk die twee volksverhale.
Leerders volg die skryfproses en 'n raamwerk om hul storie op te tel.

**19 Byvoeglike naamwoorde** 40
Verduideliking van byvoeglike naamwoorde.
Verbind selfstandige naamwoorde met byvoeglike naamwoorde.
Verbind byvoeglike naamwoorde met hul antonieme.
Pretaktiwiteit: Speel die ruimtespeletjie.

**20 Spreekwoorde en lettergrepe** 42
Bespreking van wat die spreekwoorde beteken.
Verbind spreekwoorde met hul betekenisse.
Lettergrepe: geslote en oop lettergrepe.
Enkelvoudige sinne.
Ontleed sinne in onderwerpe, werkwoorde/gesegdes en voorwerpe.

**21 Die veelkleurige blaartjie** 44
Lees die verhaal.
Bespreking van die dierekarakters met menslike eienskappe, die intrige en hoe die storie mag eindig.
Groepbespreking van die verhaal.
Teken 'n "kaart" van die gebeure.
Oorvertelling van die gebeure met behulp van woorde soos "eers", "toe", "daarna" en "uiteindelik".

**22 Wat toe gebeur het** 46
Voortsetting van die storie.
Ontwikkel 'n rolspel oor die intrige.
Som die storie volgens die volgorde van die gebeure op.

**23 Ons beplan 'n storie** 48
Skryf die storie in volgorde deur op die begin, die middel en die einde te fokus.
Pas die stappe in die skryfproses toe.
Teken 'n prentjie ter illustrasie van die storie.

**24 Spelling en spelpatrone** 50
Spelreëls: die koppelteken, die afbreek van woorde, en die gebruik van **ei** of **y**.
Pretaktiwiteit: Die woordafbrekingsresies.
Die gebruik van enkele van die woorde om sinne te skryf.

**Aanwysingsteks**
**Kwartaal 1: Week 7 - 8**

**25 Ons lees 'n resep** 52
Lees 'n resep vir 'n vrugteslaai.
Bereken die koste en identifiseer die bestanddele en kombuisgereedskap wat nodig is.
Skryf 'n resep vir 'n gunstelingdis.
Identifiseer hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde.

**26 Werk met byvoeglike naamwoorde** 54
Trappe van vergelyking, intensiewe vorme en verbuiging.

**27 Sinonieme en antonieme** 56
Verbind sinonieme met mekaar.
Verbind antonieme met mekaar.
Vul kappies en deeltekens op die regte plekke in.
Verbind idiome met hul betekenisse.
Pretaktiwiteit: Help Chris om by die huis te kom.

**28 Maak 'n pompon-kuikentjie** 58
Lees instruksies.
Beantwoord begripsvrae op grond van die instruksies.
Ontwikkel duidelike instruksies aan die hand van diagramme oor hoe om 'n kuikentjie uit 'n karton-eierhouer te maak.
Bespreek materiale en prosedure.

**Inligtingsteks**
**Kwartaal 1: Week 9 - 10**


**29 Ons kyk na gedigte** 60
Lees die gedig hardop. Luister na die ritme en die patroon van rymwoorde.
Luister na die woorde wat soos dieregeluide klink.
Bespreking van die onomatopee.
Verbind diere met die klanke wat hulle maak.
Identifiseer rymwoorde.
Lees 'n tweede gedig en identifiseer rymwoorde.
Beantwoord vrae gebaseer op die gedig

**30 Skryf jou eie gedig** 62
Voltooi 'n gedig deur die ontbrekende rymwoorde in te vul.
Skryf 'n eie gedig met rymwoorde.
Bywoorde van tyd, plek of wyse.
Oorskryf van sinne in die ontkennende vorm.

**31 Sing 'n liedjie** 64
Pretaktiwiteit
Sing 'n liedjie op die wysie van "The Lion Sleeps Tonight".
Beantwoord vrae oor die liedjie.
Onderskei tussen verskillende sinstipes: stelsin, vraagsin, bevelsin of uitroepsin.

**32 Ons skryf 'n storie** 66
Beplan om 'n storieboek te skryf.
Die skryf en aanbieding van 'n storieboek wat uitgeknip kan word.





# 17 Die seun wat "Wolf!" geroep het




Dit is 'n volksverhaal hierdie. Volksverhale is stories wat mense mekaar lank gelede begin vertel het. Dit is nie neergeskryf nie, daarom het dit verander namate dit oorvertel is. Ons ken almal volksverhale soos kinderrympies, fabels, mites en volksliedere. Die meeste van hulle hou spesiale boodskappe in.

Lank gelede was daar 'n **tienjarige** skaapwagter. Elke dag het hy die skape veld toe geneem om te **wei**. Elke dag het hy onder **dieselfde** boom, bo-op die **heuwel** gesit en die kudde skape opgepas. Na 'n tyd het hy verveeld begin voel. Ter wille van 'n **bietjie** opwinding roep hy **toe** hard **uit**: "Wolf! Wolf! Help! 'n Wolf jaag die skape!"

Die dorpenaars hoor sy hulpkrete en kom teen die heuwel opgehardloop om die wolf te kom verjaag. Toe hulle die bokant van die heuwel **bereik**, **sien** hulle geen wolf **nie**. Hulle kry net die **seun**, en hy lag vir hulle.

"**Moenie** 'wolf' roep wanneer daar geen wolf is nie!" raas een van die dorpenaars terwyl hulle almal brommend terugstap dorp toe.

Die volgende dag roep die seun weer uit, "Wolf! Wolf! Help my! Die wolf gaan die skape vang!" Weer hardloop die dorpenaars teen die heuwel op om die seun te hulp te snel.

Toe die dorpenaars weer eens geen wolf kry nie, maan hulle, "Seun, jy **moet** ons net roep wanneer daar regtig iets verkeerd is! Moenie 'wolf' roep wanneer daar geen wolf is nie!"

Die seun lag maar net en kyk hoe hulle weer ondertoe stap.

'n Paar dae later kom 'n regte wolf die skape **bedreig**. Die seun is baie bang, en roep hard uit, "Wolf! Wolf! Help, help!"

Die dorpenaars meen egter dat die seun hulle weer om die bos lei, daarom kom **niemand** hom help nie.

Later die aand wonder die dorpenaars waarom die skaapwagter nie die skape terugbring nie. Hulle gaan hom soek, en tref hom in trane aan.



"Daar was regtig 'n wolf! Hy het party van die skape **verskeur,** en die ander skape het gevlug. Waarom het julle my nie kom help nie?" snik hy.

Een van die bejaarde dorpenaars probeer die seun troos.

"Môreoggend sal ons jou help om na die skape te gaan **soek**," sê hy, terwyl hy sy arm om die seun sit. "Maar jy sal moet leer dat, **indien** jy altyd **leuens** vertel, mense jou later nie sal glo nie – nie eens wanneer jy die **waarheid** praat nie!"

Datum:




Ons praat

Waarom het niemand die seun kom help nie?

Rolspeel die storie in groepsverband. Julle sal 'n seun, 'n wolf, 'n paar skape en 'n paar dorpenaars nodig hê.





Werk met woorde

Soek hierdie woorde in die blokkiesraaisel en kleur hulle in.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | B | C | U | D | L | F | G |
| E | H | J | I | S | E | U | N |
| U | K | L | T | M | U | N | P |
| W | A | A | R | H | E | I | D |
| E | Q | R | O | S | N | T | V |
| L | S | O | E | K | S | W | X |
| Z | B | C | P | D | F | G | H |
| V | E | R | S | K | E | U | R |

waarheid · uitroep · heuwel · leuens · seun · soek · verskeur

Skryf die woorde in alfabetiese volgorde en verdeel hulle in lettergrepe.



Ons skryf

Lees die vrae en omkring die letter langs die korrekte antwoord.

| Waarom het die skaapwater die eerste twee kere "Wolf!" geroep? | |
|---|---|
| A | Hy was verveeld en wou aandag trek. |
| B | Hy het gedink daar is 'n wolf. |
| C | Hy wou 'n leuen vertel. |
| D | Hy wou die wolf verjaag. |

| Waarom het die dorpenaars nie gekom toe die seun die derde keer geroep het nie? | |
|---|---|
| A | Hulle was besig op hulle plase. |
| B | Hulle het gedink dat hy weer jok. |
| C | Hulle kon hom nie hoor nie. |
| D | Hulle wou hê dat die wolf die skape moes vang. |

| Kies die beste titel vir die storie. | |
|---|---|
| A | Die dag toe die wolf die skape gevang het |
| B | Die gevoellose dorpenaars |
| C | Die opwindende lewe van 'n skaapwagter |
| D | 'n Sonnige dag op die heuwel |

| Watter les hou die storie in? | |
|---|---|
| A | Indien jy om hulp roep, sal niemand jou help nie. |
| B | Moenie te veel geraas maak nie. |
| C | Indien jy dikwels leuens vertel, sal mense jou later nie meer glo nie, al vertel jy die waarheid. |
| D | Wees altyd eerlik. |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 18 Die seun wat "Ruimteskip!" geroep het

Ons praat

Voorspel wat gaan gebeur deur na die titel en prente te kyk.



Ons lees

Thabo hou daarvan om die aandag op hom te vestig. Hy roep dikwels vir sy familie en vriende om te kom kyk na 'n ruimteskip wat hy pas raakgesien het. "Kom kyk die ruimteskip!" roep hy dan, of "Help, daar het pas 'n OVV geland!" (OVV is die afkorting vir "ongeïdentifiseerde vlieënde voorwerp".)

Elke keer wanneer Thabo roep, hardloop al die dorpsmense om na die ruimteskip te kom kyk. En dan is daar niks te sien nie. "Dis reeds weg!" sê hy dan vir almal.

Thabo doen dit 'n hele paar keer – 'n keer of wat te veel.

Toe, eendag, sien Thabo regtig 'n ruimteskip. "Help!" roep hy uit. "'n Ruimteskip het in die veld geland! Kom help my asseblief!"

Maar niemand kom nie.

Op daardie oomblik spring 'n groen mannetjie uit die ruimteskip en sê vir Thabo: "Help my asseblief! Ek het petrol en voedsel vir my gesin nodig. My kinders is honger! Bring asseblief vir ons soveel blare as wat jy kan!"

"Help!" skree Thabo. "Daar is honger groen mannetjies in die veld!"

Maar niemand kom hom help nie.

Thabo hardloop toe maar van boom tot boom om blare te pluk, en toe nael hy na die vulstasie toe om petrol te koop. Die groen mannetjie is baie dankbaar.

Toe die ruimteskip opstyg, sak Thabo doodmoeg op die grond neer.

"Wat is dit daardie, Thabo?" vra sy ma toe sy die ruimteskip in die verte sien verdwyn.

"Dit help nie ek sê vir jou nie, mamma," antwoord Thabo en hy haal sy skouers op. "Jy sal my nie glo nie."



Datum:




Hervertel die gebeure van die storie vir jou maat in die korrekte volgorde.

Maak seker jy benoem die karakters korrek.

Het jy van die storie gehou? Motiveer jou antwoord.

Is die gebeure in die storie realisties of onrealisties?




Dink oor albei stories na, en voltooi dan die tabel.



| Storie | Wie is die hoofkarakter? | Wat is die intrige? | Wat is die boodskap wat die storie oordra? |
|---|---|---|---|
| Die seun wat "Wolf!" geroep het | | | |
| Die seun wat "Ruimteskip!" geroep het | | | |




Skryf nou jou eie storie oor 'n seun of 'n meisie wat om hulp geroep het. Voltooi die grafiese organiseerder om jou te help om jou storie te beplan.


Skryf jou storie eers op rofwerkpapier en vra jou maat om dit te hersien en te korrigeer. Skryf dit dan netjies oor in jou werkboek.



| | |
|---|---|
| Die titel van jou storie. | |
| Waarom roep hy of sy om hulp? | |
| Wat gebeur die dag toe niemand reageer nie? | |
| Wat is die gevolg? | |
| Wat is die boodskap of moraal van die storie? | |







ONDERWYSER: Teken Datum

# Byvoeglike naamwoorde





## Wat is 'n byvoeglike naamwoord?

'n **Byvoeglike naamwoord** beskryf die <u>selfstandige naamwoord</u>, bv.:
Dit is 'n **groot** <u>gebou</u>.
Ek het 'n baie **ou** <u>man</u> ontmoet.
Die **vinnige bruin** <u>jakkals</u> spring oor die **lui** <u>hond</u>.
Dit is 'n baie **mooi** <u>rokkie</u> wat jy aanhet.

'n Byvoeglike naamwoord is 'n beskrywende woord.




Verbind die **selfstandige naamwoord** met die **byvoeglike naamwoord** wat hom beskryf.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Byvoeglike naamwoorde** | klein | mooi | hoë | sterk | stadige |
| **Selfstandige naamwoorde** | blom | baba | os | skilpad | gebou |




Verbind die **byvoeglike naamwoorde** in die boonste ry met hulle **teenoorgesteldes (antonieme)** in die onderste ry.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lank | eerlik | bietjie | pragtig | vriendelik | sag |
| baie | onvriendelik | kort | oneerlik | hard | lelik |




Lees die sinne. <u>Onderstreep</u> die **selfstandige naamwoord** en omkring die **byvoeglike naamwoord** in elke sin. Skryf die sinne oor, maar vervang die **byvoeglike naamwoord** deur 'n ander **byvoeglike naamwoord**.



Thabo sien 'n groot ruimteskip.

Die groen ruimteman vra vir kos.

Datum:

NUWE WOORDE

Thabo pluk sappige blare.

Die honger kinders eet die blare.

Die tevrede ruimteman vlieg terug.

Vir die pret

Kom ons speel 'n ruimtespeletjie. Gebruik 'n dobbelsteentjie en merkers om te speel, en styg op van nommer 1 af.



# Spreekwoorde en lettergrepe





Ons praat


Gesels oor wat hierdie spreekwoorde beteken. Verbind elke spreekwoord links met sy betekenis regs.

**Spreekwoorde** is kort gesegdes wat 'n spesiale betekenis oordra.

| | |
|---|---|
| Jou beste voetjie voorsit. | Laat die situasie met rus. |
| Hulle het die strydbyl begrawe. | Die bes moontlike indruk skep. |
| Moenie 'n gegewe perd in die bek kyk nie. | Wanneer 'n mens honger is, smaak enigiets lekker. |
| Honger is die beste kok. | Moenie 'n geskenk kritiseer nie. |
| Moenie slapende honde wakker maak nie. | Hulle het vrede gemaak. |







## Lettergrepe

**Geslote lettergreep:**

Wanneer 'n lettergreep op 'n konsonant/medekliner eindig, bv. ruim-te.

**Oop lettergreep:**

Wanneer 'n lettergreep op 'n vokaal/klinker eindig, bv. ruim-te.





Ons skryf

Voltooi die tabel deur 'n **O** vir oop lettergrepe en 'n **G** vir geslote lettergrepe in te vul.

| | 1ste lettergreep | 2de lettergreep |
|---|---|---|
| man - ne | G | O |
| ont - moet | | |
| be - dreig | | |
| bes - te | | |

Datum:




Verdeel die woorde in lettergrepe en voltooi die tabelle deur 'n **O** vir oop lettergrepe en 'n **G** vir geslote lettergrepe in te vul.

| | 1ste lettergreep | 2de lettergreep | 3rde lettergreep |
|---|---|---|---|
| Thabo | | | |
| aandag | | | |
| vestig | | | |
| dikwels | | | |
| familie | | | |
| vriende | | | |
| ruimteskip | | | |
| raakgesien | | | |
| gekyk | | | |
| kyk | | | |

| | 1ste lettergreep | 2de lettergreep | 3rde lettergreep |
|---|---|---|---|
| voorwerp | | | |
| hardloop | | | |
| dorpsmense | | | |
| almal | | | |
| eendag | | | |
| geland | | | |
| asseblief | | | |
| niemand | | | |
| mannetjie | | | |
| soveel | | | |

| **Onderwerp** | **Werkwoord** |
|---|---|
| Wie voer die aksie uit? | Die aksie- of doenwoord |

Waaruit bestaan sinne? 'n **Enkelvoudige** sin het 'n onderwerp, een **werkwoord/gesegde** en 'n **voorwerp.**

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | Wie voer die aksie uit? (Thabo) |
| **Werkwoord** | Werkwoord: Wat is die aksie- of doenwoord? (pluk) |
| **Voorwerp** | Wie of wat? (die blare) |

Ontleed elke sin. Omkring die **werkwoord** met **groen**, onderstreep die **onderwerp** met **rooi** en onderstreep die **voorwerp** met **blou**.

| |
|---|
| Thabo speel in die tuin. |
| Die dorpsmense lag vir Thabo. |
| Hy sien 'n ruimteskip. |
| Die ruimteman vra vir kos. |
| Die kinders eet die blare. |
| Die ruimteskip vlieg die ruimte in. |



ONDERWYSER: Teken Datum

# 21 Die veelkleurige blaartjie



**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.



**Terwyl jy lees**

- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.




In baie volksverhale praat en handel die diere soos mense. Lees hierdie storie en let op die dierekarakters.



Daar het 'n boom in 'n tuin gestaan. Die wind het begin waai en een van die blaartjies het begin bewe.

Die blaartjie het van die boom afgeval. Liggies het dit na onder gedryf, totdat dit op die gras onder die boom beland het. Daar het 'n kat op die gras gesit. “Hallo, groen blaartjie,” het die kat gesê. “Kan ek 'n bietjie met jou speel?”



Die blaartjie wou net “ja” sê, toe die wind weer begin waai. “Woesj!” waai die wind, en lig die klein blaartjie hoog in die lug in. Die wind voer die blaartjie ver met hom saam. Toe laat hy die blaartjie saggies langs 'n pad val.

“Hallo, geel blaartjie,” sê 'n voël daar naby. “Gaan jy 'n bietjie by my bly?” “Dis vreemd,” sê die blaartjie vir homself. “Die kat het my groen genoem, en nou sê die voël ek is geel. Ek wonder watter kleur ek is?”



Die blaartjie wil net vir die voël vra, toe die wind weer begin waai. “Woesj!” sê die wind, en hy lig die blaartjie hoog die lug in en neem hom 'n ver end daarvandaan. Toe laat hy die blaartjie saggies in 'n groot veld sak.

In die veld is daar koeie wat die gras eet. Een van die koeie staan nader en kyk na die blaartjie. “Moe,” sê die koei, “hallo, oranje blaartjie.”



“Dis vreemd,” sê die blaartjie vir homself. “Die kat sê ek is groen en die voël sê ek is geel. Nou sê die koei ek is oranje. Ek wonder watter kleur ek is?”

Die blaartjie wil net die koei vra, toe die wind weer begin waai. “Woesj!” sê die wind en lig die blaartjie hoog in die lug op. Die wind dra die blaartjie 'n ver end, en laat hom toe saggies bo-op 'n heuwel neer.

Datum:

**NUWE WOORDE**




Ons praat

Waarom het die blaartjie van die boom afgeval?
Hoe het die blaartjie van een dier na die volgende beweeg?
Waarom gebruik die skrywer die woord "woesj"?
Weet jy van ander verhale waarin die diere praat?
Wat dink jy gaan volgende in die storie gebeur?
Hoe dink jy gaan die storie eindig?



Ons doen

Teken die pad wat die blaar van die boom na die koei gereis het.



Ons skryf

Beskryf nou jou prent. Gebruik woorde soos "eers", "toe", "daarna" en "uiteindelik".

| |
|---|
| Eers het die blaartjie |
| |
| Toe het |
| |
| Daarna |
| |
| Uiteindelik |
| |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 22 Wat toe gebeur het




Ons lees

Kom ons kyk hoe die storie eindig.



Die blaartjie lê 'n hele tydjie daar. Toe kom 'n bok daar aan. "Hallo, rooi blaartjie," sê die bok. "Het jy op die heuwel by my kom bly?" "Dis vreemd," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen en die voël het gesê ek is geel en die koei het gesê ek is oranje. Nou sê die bok ek is rooi. Ek wonder watter kleur ek is?"



Die blaartjie lê 'n rukkie lank heeltemal stil. "Hallo, bruin blaartjie," sê 'n vark. "Ek het jou byna **geëet.** Het die wind jou hierheen gebring?" "Dis vreemd," sê die blaartjie. "Die kat het gesê ek is groen, die **voël** het gesê ek is geel, die koei het gesê ek is oranje en die bok het gesê ek is rooi. Nou sê die vark ek is bruin. Ek wonder watter kleur ek is?"



Net toe sien 'n seuntjie die blaartjie en tel dit op. "Kyk," sê hy vir sy ma, "kyk na hierdie goue blaartjie. En kyk na al die ander blare. Hulle is groen en geel en oranje en rooi en bruin en goud." "Ja," sê sy ma. "Noudat die somer verby is, het die blare almal herfskleure gekry."

Ons gebruik die deelteken op **vokale**, om 'n nuwe lettergreep aan te dui.



Ons doen

Voer in julle groepe 'n rolspel oor die storie op. Julle het nege **akteurs** (karakters) nodig:

- Een persoon om die blaartjie te wees
- Vyf kinders om die diere te wees
- Een persoon om die seuntjie te wees
- Een persoon om die mamma te wees
- Een persoon om die verteller te wees

Die **verteller** vertel die deel van die storie wat nie deur die diere, die seuntjie, die mamma of die blaartjie gesê word nie.

Datum:



Ons skryf

Hoeveel diere het met die blaartjie gepraat? Noem hulle en sê wat elke dier vir die blaartjie gesê het.

| Dier | Wat het hy vir die blaartjie gesê? |
| --- | --- |
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 5 | |

Wat het die seun oor die blaartjie se kleur gesê?

Wat het die seun se ma uiteindelik oor die blaartjie se kleur gesê?

Dink jy dis 'n ware verhaal? Waarom?

In watter maand dink jy het die storie hom afgespeel? Waarom sê jy so?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 23 Ons beplan 'n storie

**Ons praat**

Kyk weer na die storie oor die blaartjie.

- Gesels oor hoe die storie begin het.
- Sê hoe die storie geëindig het.

**Ons skryf**

Skryf die storie in 3 paragrawe (begin, middel en einde). Skryf dit eers op rofwerkpapier. Laat jou maat dit korrigeer. Skryf dit dan netjies hier oor.

**Onthou die stappe van die skryfproses:**

1. Gebruik 'n geheuekaart om te beplan.
2. Skryf die eerste weergawe.
3. Hersien die skryfstuk – korrigeer spelling en punktuasie.
4. Proeflees die skryfstuk.
5. Skryf die finale weergawe.

**Ons doen**

Teken 'n prentjie wat by die begin van die storie pas.

Datum:



Ons doen

Teken nou ’n prent van wat met die blaartjie gebeur het terwyl die wind dit voortgewaai het.

Ons doen

Teken ’n prent van hoe die storie geëindig het.

# Spelling en spelpatrone







Lees die reëls en pas hulle toe deur jou eie voorbeelde in sinne te gebruik.

## 1 KOPPELTEKEN

Die koppelteken word in samestellings met meer as een woord gebruik:

1. Waar daar 'n opeenhoping van vokale is, bv. na-aap
2. In verbindings met syfers, simbole, letters en afkortings, bv. A-span
3. In herhalings, bv. so-so
4. In woordgroepkoppelings, bv. piet-my-vrou ('n soort voël)
5. In verbindings met **hulle** of **goed**, bv. Piet-hulle, vrouens-goed
6. In telwoorde, bv. drie-en-veertig
7. By weglatings, bv. sout- en peperpot



## 2 AFBREEK VAN WOORDE

1. Woorde met meer as een lettergreep mag afgebreek word.
2. Die afbreekteken lyk soos 'n koppelteken.
3. Die afbreekteken kom aan die einde van die eerste reël en word nie saam met die afgekapte lettergrepe na die tweede reël verskuif nie.



## 3 Y OF EI

1. Die meeste kort of "sterk" woorde kry 'n **y**,
   bv. ly, pyn, sny, byt, byl, by, skyf, gly, ys, hyskraan, naelvyl, wyd, pyl
2. Woorde met **ei** is skaarser,
   bv. bereik, brei, klei, lei, meisie, reis, sein, seisoen, seil, sprei, wei, Mei

Datum:

# Die woordafbrekingsresies

Vir die pret

Jaag resies met jou maat. Kyk wie eerste kan wys waar die woorde afgebreek kan word.




Ons skryf

Kies vyf woorde uit die prent hierbo en gebruik hulle om sinne te skryf.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 25 Lees 'n resep



Ons lees



Let op dat elke instruksie met 'n werkwoord begin.

## Resep vir vrugteslaai


### Bestanddele

2 appels
2 piesangs
1 lemoen
2 teelepels suiker
1 papaja
1 pynappel

### Metode

1. Skil die appels en sny dit in blokkies.
2. Sny die piesangs in skyfies.
3. Skil die papaja en sny dit in blokkies.
4. Skil die pynappel en sny dit in blokkies.
5. Meng die vrugte in 'n bak.
6. Druk die lemoen uit.
7. Giet die sap oor die vrugteslaai.
8. Sprinkel suiker daaroor.







Ons skryf

Hoeveel geld sal jy nodig hê om die vrugteslaai te maak?

| | | Rand | Sent |
|---|---|---|---|
|  | R1.50 elk | | |
|  | R2.00 elk | | |
|  | R6.00 elk | | |
|  | R4.00 elk | | |
| | Totaal | | |



Ons praat

Wat doen jy voordat jy suiker oor die vrugteslaai sprinkel?

Watter kombuisgereedskap het jy nodig om hierdie vrugteslaai te maak?

Skryf alles neer.

Datum: ____________________



Ons skryf

Skryf nou jou eie resep vir jou gunstelingdis neer.







Resep vir ____________________

Bestanddele

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Metode

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |



Ons skryf

Lees elke sin en omkring die **hoofwerkwoord** met **blou** en die **hulpwerkwoord** met **rooi**. Dui ook die tydsverloop aan.

| **Sin** | **Tydsverloop** |
|---|---|
| Susan sal die appels in blokkies sny. | |
| Anita het die piesang in skyfies gesny. | |
| Die vrugte word deur Mandu gemeng. | |
| Jabu sal die suiker oor die vrugteslaai sprinkel. | |

'n **Hoofwerkwoord** kan alleen in 'n sin staan, bv. Sy skil die appel.
**Hulpwerkwoorde** help die hoofwerkwoord om tyd aan te dui, bv.:
Sy **het** die appel geskil. (verlede tyd)
Sy **sal** die appel skil. (toekomende tyd)
Die appel **word** geskil. (teenwoordige tyd)

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 26 Werk met byvoeglike naamwoorde





Kies 'n byvoeglike naamwoord en voltooi die sinne.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| pienk | groot | geel | besig | bruin |



Haar jas se kleur is ___________.



Die ____________maan skyn helder.



Jan se hond is _____________________ .



Die passasiersboot is ____________ .



Die straat is ________________.

Onthou: **Selfstandige naamwoorde** kan vir mense, plekke en dinge gebruik word. **Byvoeglike naamwoorde** beskryf die selfstandige naamwoorde. Dit gee inligting oor die mense, plekke en dinge.

- Trappe van vergelyking: bly, blyer, blyste
- Intensiewe vorm: bloedrooi
- Verbuiging: moeg – moeë




Skryf 4 sinne waarin jy byvoeglike naamwoorde gebruik.
Omkring die byvoeglike naamwoorde met **blou**.

Datum:

Kom ons kyk na **trappe van vergelyking**.






groot | groter | grootste

Die huis is **groot**, maar die dubbelverdieping-huis is **groter** en die kasteel is die **grootste**.






klein | kleiner | kleinste

Die huis is **klein**, maar die hut is nog **kleiner** en die pondok is die **kleinste**.



Ons noem dit **trappe van vergelyking**. Die middelste trap word die **vergrotende** trap genoem en die laaste trap die **oortreffende** trap.





hoog | hoër | hoogste

Die dubbelverdieping-huis is **hoog**, maar die woonstelgebou is **hoër** en die kantoorgebou is die **hoogste**.



Ons skryf

Vul die trappe wat ontbreek in die spasies in. Let op na die vergrotende trap. Soms word 'n klinker weggelaat of 'n medeklinker bygevoeg. En soms word deeltekens gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| groen | | groenste |
| gou | gouer | |
| slim | | slimste |
| kwaad | kwater | |
| breed | | breedste |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Sinonieme en antonieme



Ons skryf

Verbind die **sinonieme** met mekaar.



| | |
|---|---|
| Iets uit die duim suig. | Oud word. |
| Jou rieme styfloop. | Voorbereidings tref. |
| Kort van draad wees. | Snork. |
| Iets aandik. | 'n Storie opmaak. |
| Iets kry aftrek. | In die moeilikheid kom. |
| Balke saag. | Gou kwaad word. |
| Ou bene maak. | Oordryf. |
| Aanstaltes maak. | Iets is gewild. |




Ons skryf

Verbind die **antonieme** met mekaar.

| | |
|---|---|
| bedags | jongmens |
| herstel | nederigheid |
| hoogmoed | snags |
| bejaarde | treur |
| juig | verlies |
| wins | verswak |

**Sinonieme** is woorde met dieselfde betekenis. **Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis.



Plaas die **kappie** ^ en **deelteken** ¨ op die regte woorde.

*Pluimvee lê eiers en lammers blêr.*

As ek klaar geeet het, gaan ek posseels koop.

Ons gaan more driee druk tydens die rugbywedstryd.

Ek hou van voels maar nie van vliee nie.

Die reen het die brue weggespoel.

Die oumas kla hulle rue is seer.

Gooi die lee pak van die droe vrugte weg.

Datum:

## Ons skryf


Verbind die **idioom** met sy betekenis.

| | |
|---|---|
| Aan alles kom 'n end. | Niks kan vir ewig aanhou nie. |
| Agteros kom ook in die kraal. | Raak nou ernstig. |
| As die hoenders tande kry. | Hy is baie onhandig. |
| Alle grappies op 'n stokkie. | Word gou kwaad. |
| Al sy vingers is duime. | Nooit. |
| In sy dop kruip. | Die laaste een kry ook 'n kans of bereik sy doel. |
| Jou rieme styfloop. | In die moeilikheid kom. |
| Kort van draad. | Ingetoë wees. |

**Idiome** is uitdrukkings wat eie is aan 'n taal. Dit help ons om onsself uit te druk.

## Vir die pret

Help Chris om by die huis te kom. Beweeg in die rigting waarin die fiets wys om hom te help om sy pad te kry.




# 28 Maak ’n pompon-kuikentjie




Lees die instruksies en verduidelik dan aan jou maat hoe ’n mens hierdie kuikentjie moet maak.



## Wat jy nodig het

1 Bol geel breiwol
1 pypskoonmaker
Oë, ’n bek en pote van die knipselbladsy
Sterk gom




## Hoe om jou pompons te maak

1. Trek twee groot (ewe groot) sirkels op ’n stuk karton. Knip hulle uit.
2. Trek nou twee kleiner sirkels binne-in die twee groot sirkels. Knip hulle ook uit, sodat elkeen van jou groot kartonsirkels nou ’n gat in die middel het.
3. Plaas die sirkels op mekaar en draai dit met wol toe totdat dit heeltemal bedek is. Jy kan twee of drie stukke wol saam gebruik sodat jy die sirkels makliker kan bedek.
4. Gebruik ’n skerp skêr en knip die wol al met die rande van die twee sirkels langs.
5. Steek die pypskoonmaker deur die middel van die sirkels om bene vir die kuikentjie te maak.

Trek ’n stuk wol tussen die kartonsirkels deur en bind dit stewig vas. Maak twee knope en haal die kartonsirkels dan uit.
Gebruik nou die twee klein sirkeltjies om die klein pompon te maak. Doen presies dieselfde as vir die groot pompon, buiten dat hierdie een nie beentjies kry nie.

## Sit jou kuikentjie nou aanmekaar.

6. Gom die twee pompons aan mekaar vas.
7. Buig die pypskoonmaker om twee beentjies vir die kuikentjie te maak.
8. Knip die voete, oë en bekkie van die knipselbladsy agter in jou boek uit.
9. Gom dit aan die pompons vas.




| | |
|---|---|
| Gee jou kuikentjie ’n naam. | |
| Wat het jy nodig om die pompons te kan maak? | |
| Waarvoor het jy die gom nodig? | |

Datum:

# Die kartonkuikentjie

Ons doen

Kyk na die prente en skryf instruksies oor hoe om 'n kuikentjie uit 'n karton-eierhouer te maak. Skryf jou instruksies eers rofweg en dan netjies in die spasie hieronder neer.



Gebruik hierdie woorde om jou te help.

verf | eierhouer | buitekant | binnekant | knip | skêr | driehoekvorms

## Watter materiale het jy nodig?

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

## Instruksies

1

2

3

4

5

6

7





ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 29 Ons kyk na gedigte




Lees die gedig hardop. Luister na die ritme daarvan, en na die patroon van die woorde wat rym. Luister na die woorde wat na dieregeluide klink.




## DIEREGEKLETS

“Miaau-miaau,” sê die kat,
“Woef-woef,” sê die hond,
“Moo-moo,” sê die koei
en jaag haar kalfie rond.

“Og-og,” sê die vark,
“Mê-mê,” sê die lam,
“Kwaak-kwaak,” sê die eend
daar onder by die dam.

“Hie-hô,” sê die donkie,
“Boggom,” sê die aap,
“Twiet-twiet,” sê die voëltjie
net voordat hy gaan slaap.


“Kê-kê,” sê die henne,
“Koe-ke-doe-del-
doe-del-doo!”
So kraai die stoute haantjie.
Wat raas die haantjie so!







In gedigte word woorde dikwels vir hul klanknabootsende effekte gebruik. Daar is ’n spesiale woord hiervoor: **onomatopee**. Boots die klanke van ses van die diere in die gedig na. Laat jou maats raai watter dier jy is.





Vul die name van ses van die diere in die gedig in, en vul onder elkeen die klank in wat hy maak.

| | | |
|---|---|---|
| kat | | |
| miaau | | |
| | | |
| | | |

Vul nou woorde uit die gedig in wat met hierdie woorde rym.

| | | |
|---|---|---|
| hond | lam | aap |
| | | |


Datum:

NUWE WOORDE



Ons lees

Lees die volgende gediggie nou hardop en onderstreep die pare **rymwoorde** in verskillende kleure. Onderstreep al die **werkwoorde** wat vir ons sê wat die skilpad gedoen het. Beantwoord dan die vrae.







## DIE KLEINE SKILPAD

Daar was 'n kleine skilpad,
Wat gewoon het in 'n poel,
Hy was die hele tyd sopnat,
Van sy voortdurende gewoel.

Hy het gehap na 'n muskiet,
Hy het gehap na 'n vy.
Hy het gehap na 'n riet,
En hy het gehap na my.




Die muskiet het hy gekry,
Die vy het hy ook daarby.
Die riet was te sterk,
En ek sit met die merk.



C Lindsay (verwerk)



Ons skryf



Waar het die skilpad gewoon?

Waarom was hy heeltyd sopnat?

Waarna het die skilpad gehap?

Wat het die digter oorgehou?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 30 Skryf jou eie gedig




Voltooi hierdie gedig deur die ontbrekende **rymwoorde** in te vul.

troue | glas | bus | klas | rus

## 'n Gedig oor myself


Ek is in die Graad 4 ______.

Ek drink my sap altyd uit 'n ______.

Soggens voel ek lekker uitge ______.

Daarom reis ek per fiets en nie per ______.

Maar ek gaan graag na 'n ______.






Skryf nou jou eie gedig. Probeer om **rymwoorde** aan die einde van elke tweede reël te gebruik.

Titel van gedig

1. ______
2. ______
3. ______
4. ______
5. ______
6. ______
7. ______
8. ______

Datum:



Ons skryf

Onderstreep die **werkwoord** in elke sin. Omkring die **bywoord** en dui aan of dit 'n aanduiding van tyd, plek of wyse is.

| **Sin** | **Plek, tyd of wyse** |
|---|---|
| Sy sit onder die boom. | |
| Hy swem stadig. | |
| Ons gaan môre see toe. | |

Kyk uit na **bywoorde.**

'n **Bywoord** kan ons meer van 'n **werkwoord** vertel. Dit kan plek, tyd of wyse aandui.

**Plek:** Ek sit **op** die stoel.

**Tyd:** Ek het **gister** geswem.

**Wyse:** Ek hardloop **vining**.



Ons skryf

Skryf die sinne oor in die **ontkennende vorm**.

In Afrikaans gebruik ons die dubbele ontkenning om die negatief uit te druk.

bv. Die padda eet die muskiet.

Die padda eet **nie** die muskiet **nie.**

1. Die tydskrif verskyn elke dag.

______________________________

2. Iemand doen die werk.

______________________________

3. Doen jou werk!

______________________________

4. Ons leer baie graag.

______________________________

5. Ons sien uit na die vakansie.

______________________________



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 31 Sing ’n liedjie



Vir die pret

Sing hierdie liedjie op die wysie van “The Lion Sleeps Tonight”.

**Onderwysersnota:**
Indien u nie die wysie vir hierdie liedjie ken nie, vra ’n ander onderwyser om dit vir u te sing, sodat u dit saam met die klas kan sing.

## DIE LEEU SLAAP VANNAG

**In die oerwoud, die grote oerwoud,**
**slaap die leeu vannag.**

**In die oerwoud, die grote oerwoud,**
**slaap die leeu vannag.**

Koor

He, ha helelemama

Ohi’mbube

**In die dorpie, die stille dorpie,**
**slaap die leeu vannag.**

**In die dorpie, die stille dorpie,**
**slaap die leeu vannag.**

Koor

**Stil my kind, moenie vrees nie, my kind,**
**die leeu slaap vannag.**

**Stil my kind, moenie vrees nie, my kind,**
**die leeu slaap vannag.**

Koor








Dink na oor die liedjie en beantwoord hierdie vrae saam met jou maat. Watter tyd van die dag is dit? Hoe lyk die omgewing? Dink jy dit is vreedsaam of nie? Is dit 'n dorp of 'n stad? Hoe lyk 'n oerwoud?





Kom ons kyk weer na sintipes. Onthou jy nog die vier tipes? Dui aan watter tipe sin elke sin is. Is dit 'n **vraagsin**, 'n **bevelsin**, 'n **stelsin** of 'n **uitroepsin**?

| Sin | Tipe |
|---|---|
| Ek hou baie van liedere. | |
| Wat is die naam van jou gunstelinglied? | |
| Help, ek gaan val! | |
| Gaan jy vandag rugby speel? | |
| Ek sien so daarna uit! | |
| Ek werk baie hard by die skool. | |

## Kontroleer

| **Ek kan** | | |
|---|---|---|
| 'n volksverhaal lees. | | |
| 'n resep lees. | | |
| instruksies lees. | | |
| 'n koerantberig lees. | | |
| 'n koerantopskrif, 'n naamreël en 'n inleiding identifiseer. | | |
| stories en hul eindes voorspel. | | |
| karakters, 'n storielyn en 'n agtergrond identifiseer. | | |
| 'n storie beplan en skryf. | | |
| instruksies beplan en skryf. | | |
| 'n resep beplan en skryf. | | |
| woorde alfabeties rangskik. | | |
| werkwoorde, selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde identifiseer. | | |
| sinsoorte identifiseer. | | |
| sinne van punktuasie en hoofletters voorsien. | | |



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons skryf 'n storie

Datum:





Ons skryf

Gesels met jou maat oor 'n storie wat jy wil skryf.
Vul jou idees op hierdie bladsy in.

Wie is my karakters?

Waar speel die storie hom af?



'n Storie oor

Wat gebeur in die storie?

Hoe eindig die storie?

Maak jou eie boek. Knip die volgende bladsy van hierdie boek uit. Knip op die stippellyne. Vou die bladsy op die lyne. Skryf die titel van die boek op die omslag. Skryf jou naam onder die titel, want jy is die skrywer. Teken 'n prent op die omslag. Skryf jou storie nou in die boek.

## AGTERBLAD

## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

Stap 4: Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

STAP 2: Vou op die stippellyn.

STAP 3: Kram aan hierdie kant.

## BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 1: Vou op die stippellyn.

5

Sit jou storie hier voort.


Teken hier 'n prentjie.

4

Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prentjie.


Teken hier ’n prentjie.



Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier ’n prentjie.




Sluit jou storie af.

7

3

Sit jou storie hier voort.

Teken hier ’n prentjie.



6

Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.

Teken hier ’n prentjie.

I n h o u d



# Tema 3: Dit gaan om wat ons lees


**Inligtingsteks**
**Kwartaal 2: Week 1 – 2**

**33 Hoe lyk die weer?** 70
Lees 'n inligtingsteks met visuele leidrade. Lees 'n weerkaart en 'n staafdiagram oor reënval.
Onttrek inligting aan 'n weerkaart en vergelyk die weer wat op verskillende plekke ervaar word.
Beantwoord vrae oor die weer.

**34 En die weervoorspelling vir vandag is ...** 72
Maak 'n weerkaart met behulp van knipsels.
Bied 'n TV-weervoorspelling aan.
Leerders beoordeel hul eie aanbiedinge.

**35 Homonieme en homofone** 74
Werk saam met 'n maat om sinne met woorde en hul homofone te maak.
Verbind homofone met mekaar.
Voltooi sinne deur die homonieme in te vul.
Voegwoorde vir slim kinders.
Beskrywing van voegwoorde.
Verbinding van sinne met behulp van voegwoorde.

**36 Werk met woorde en sinne** 76
Onderstreep die voorsetsels in sinne.
Bespreking van hooftelwoorde en rangtelwoorde.
Skryf sinne in die toekomende tyd in die verlede tyd oor.

**37 Ons kry inligting** 78
Lees 'n inligtingsteks.
Begripsoefening: Beantwoording van vrae gebaseer op die pamflet.
Skryf van eie pamflet.

**38 Ons gee inligting** 80
Beplanning om eie pamflet te skryf.
Stel die pamflet op met gebruik van prente en 'n staafdiagram.

**39 Ons kry inligting uit diagramme** 82
Lees 'n staafdiagram oor sportsoorte.
Beantwoord vrae gebaseer op die staafdiagram.
Doen 'n opname om 'n staafdiagram op te stel.

**40 Spelling en spelpatrone** 84
Die afkappingsteken.
Vul die afkappingsteken op die regte plekke in.
Skryf sinne waarin die afkappingsteken gebruik word.
Meervoude en verkleinwoorde.
Taalwerk is pret.
Enkelvoudige en saamgestelde sinne.

**Die lees van 'n kortverhaal en 'n karakterbeskrywing**
**Kwartaal 2: Week 3 – 4**

**41 Ons lees 'n storie** 86
Voorspelling van waaroor die storie handel.
Lees die storie.
Begripsoefening: Beantwoording van vrae oor die storie.
Fokus op hoe die hoofkarakter van die begin tot die einde van die storie verander het.
Voer 'n rolspel oor die storie op.

**42 Ons dink na oor die storie** 88
Skryf 'n dagboekinskrywing vanuit die gesigspunt van die hoofkarakter.
Identifiseer al die byvoeglike naamwoorde wat in die karakterskets gebruik word.
Skryf 'n beskrywing van die hoofkarakter.
Skryf 'n beskrywing van 'n maat.
Ons kyk na die basisvorm van woorde.
Omkring die voorvoegsel in elke woord.

**43 Ons skryf 'n storie** 90
Beplan om 'n storie te skryf waarin 'n karakter beskryf en ontwikkel word.
Voltooi 'n geheuekaart om die hoofkenmerke van die karakter op te teken.
Rolspeel die storie vir die klas.
Skryf die storie, en beskryf hoe die karakter van die begin tot die einde verander het.

**44 Werkwoorde doen hulle werk** 92
Identifiseer die handelinge in prentjies.
Werkwoorde in die teenwoordige en verlede tyd.
Beantwoord sinne in die ontkennende vorm.

**45 Mandu se geheime dagboek** 94
Lees die storie en fokus op die hoofkarakter.
Begripsoefening: Beantwoording van vrae gebaseer op die storie.


**46 Hoe sou jy hulle beskryf?** 96
Nommer sinne om die korrekte volgorde van gebeure aan te dui.
Skryf 'n dagboekinskrywing vanuit die oogpunt van die hoofkarakter in die verlede tyd.
Bespreking van die hoofkarakter.
Gebruik byvoeglike naamwoorde.
Voorsien sinne van punktuasie.

**47 Voor- en agtervoegsels** 98
Bespreking van stamwoorde, voorvoegsels en agtervoegsels.
Skryf sinne met voor- en agtervoegsels.
Herskryf sinne met "gister" en "môre".

**48 Beplan om 'n storie te skryf** 100
Beplan om 'n storieboek te skryf.
Die skryf en aanbieding van 'n storieboek wat uitgeknip kan word.





# 33 Hoe lyk die weer?



Ons lees

Kom ons lees 'n weerkaart.




| Sleutel vir weersimbole | | | |
|---|---|---|---|
| Wind | | Gedeeltelik bewolk | |
| Temperatuur | 20 °C<br>31 °C | Reën | |
| Donderstorms | | Sonnig | |
| Bewolk | | Mistig | |



Ons praat

Gesels met jou maat oor die weerkaart.

- Wat sê die weerkaart oor die weer in jou provinsie?
- Lyk die weer regtig vandag so?
- Gesels oor die weer in die ander provinsies.
- Watter klere sou die mense in die Oos-Kaap dra vir die weer wat op die weerkaart aangedui word?
- Waar lyk die weer die mooiste? Waar lyk dit die slegste?

Datum:

# Maandelikse reënval, Nuwedorp




Stel jou voor dat jy die weervoorspelling op TV gaan aanbied. Jy gaan die weerkaart op die vorige bladsy gebruik. Skryf neer wat jy oor elke provinsie sal sê.


| Vul die name van die provinsies in. | Beskryf die weer. Sê eers wat die temperatuur gaan wees, en sê dan of dit reënerig, bewolk of sonnig gaan wees. |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | = |
| | |
| | |
| | |
| | |





Lees die kaart waarop die hoeveelheid reënval vir Nuwedorp oor 12 maande aangedui word. Praat met jou maat oor hoeveel reën elke maand geval het.





Beantwoord hierdie vrae.




| | |
|---|---|
| Watter maand het die meeste reën gehad? | |
| Watter maand was die droogste? | |
| Watter maande vorm die reënseisoen? | |
| Hoeveel reën het vanjaar geval? | |
| Watter maande het ewe veel reën gehad? | |
| Watter maand(e) het geen reënval gehad nie? | |
| Wanneer is die beste tyd om saad in die grond te kry? Waarom? | |







ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 34 En die weervoorspelling vir vandag is ...



Ons doen

Maak 'n weerkaart. Knip die weersimbole onder aan die bladsy uit en plak hulle in die verskillende provinsies op die kaart vas.







Ons praat

Nadat jy die simbole ingeplak het, gesels met jou maat oor die weerkaart. Vertel hom of haar hoe die weer in elke provinsie lyk.

| reën | bewolk | gedeeltelik bewolk | sonnig | mistig | donderstorms | sneeu | wind | sonnig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|




Datum:



Ons skryf

Stel jou voor dat jy vir TV-kykers vertel hoe die weer gaan lyk. Beskryf die weerstoestande in elke provinsie. Gee aan kykers in elke provinsie wenke oor wat hulle kan aantrek. Sê vir hulle watter invloed die weer op hulle gaan hê, byvoorbeeld dat hulle sonskermroom sal moet aanwend of nie die wasgoed sal kan was nie. Vertel vir die boere watter weer hulle te wagte kan wees.

| Provinsie | Weerstoestande |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 5 | |
| 6 | |
| 7 | |
| 8 | |
| 9 | |





Ons praat

Bied nou jou weervoorspelling aan.




## Kontroleer

| Het ek | ✓ | ✗ |
|---|---|---|
| my weervoorspelling logies aangebied? | | |
| genoeg inligting oor die weer in elke provinsie gegee? | | |
| die korrekte taal vir 'n volwasse gehoor gebruik? | | |
| die korrekte "weerwoorde" gebruik? | | |
| tydens my aanbieding op my gehoor gefokus? | | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 35 Homonieme en homofone

**HOMONIEME** is woorde wat dieselfde klink en dieselfde gespel word, maar heeltemal verskillende betekenisse het, bv. “Ek bly in Middelburg”, maar “Ek was bly om jou te sien”.

**HOMOFONE** is woorde wat dieselfde klink maar anders gespel word, bv. “Hy reis na Japan”, en “Ek eet rys”.




Werk saam met ’n maat. Kyk na die woorde in die woordblok. Jy maak ’n sin met die een woord en jou maat maak ’n sin met die homofoon.

| | |
|---|---|
| vlei | vly |
| leier | lyer |
| haal | hael |
| steil | styl |
| peil | pyl |




Kies woorde uit die linkerkantste tabel om die sinne in die regterkantste tabel te voltooi.

| |
|---|
| bloei |
| berg |
| brak |
| hoop |
| kan |
| bot |

Voltooi die sinne en lees dit hardop vir jou maat voor.

| |
|---|
| Die __________ kind wil nie praat nie. Die bome __________ in die winter. |
| In die lente __________ die vrugtebome. Ek het my duim seergemaak en nou __________ dit. |
| __________ julle kom kuier? Die __________ melk het suur geword. |
| Die water is __________. Die __________ blaf aanhoudend. |
| Dis ’n hoë __________ om te klim. Hulle __________ die wyn in die kelder. |
| Hulle stapel die bakstene op ’n __________. Ek __________ jy kom gou weer kuier. |








Datum:

**NUWE WOORDE**



## Voegwoorde vir slim kinders
# VERVELIG





Ons skryf

Lees die nota in die notaboek.

**VOEGWOORDE** voeg frases of sinne saam. Soms bly die woordorde van die tweede sin dieselfde, maar soms verander dit, bv.:

Die kinders swem. Die grootmense eet.
Die kinders swem en die grootmense eet.

Die kinders swem. Hulle kry warm.

Die kinders swem omdat hulle warm kry.

Onthou dat jy soms die woordorde van die tweede sin sal moet verander.

Verbind die sinne deur die voegwoord tussen hakies te gebruik.


| |
|---|
| Trek 'n jas aan. Dit is koud. (want) |
| |
| |
| Ek neem my sambreel. Dit lyk asof dit wil reën. (omdat) |
| |
| |
| Die weervoorspelling word aangebied. Die nuus word gelees. (nadat) |
| |
| |



vinnig



vinniger



vinnigste

ONDERWYSER: Teken Datum

# Werk met woorde en sinne






Onderstreep die **voorsetsels** in elk van die sinne.

**VOORSETSELS:** woorde wat vir ons sê waar dinge is.

Die weer word om agtuur gelees.

Die nuus word voor die weervoorspelling gelees.

Ons kyk na die weervoorspelling op die televisie.

Ons luister na die weervoorspelling op die radio.



**Hooftelwoorde** is woorde wat getal uitdruk, bv. "Daar is **tien** spelers."

**Rangtelwoorde** is woorde wat posisie uitdruk, bv. "Hy was die **elfde** een wat opgedaag het."



Skryf 2 sinne neer waarin jy **hooftelwoorde** gebruik.

Skryf 2 sinne neer waarin jy **rangtelwoorde** gebruik.

Datum:




Lees Deon se e-pos aan Mandu. Hy het in die **toekomende tyd** geskryf. Omkring die **werkwoorde** in Deon se e-pos, en skryf alles wat hy geskryf het in die **verlede tyd** oor.

**NUWE WOORDE**

Aan: manduk@gmail.com

Van: deons@yahoo.com 11 Maart 2015 15:14

Liewe Mandu

Môre gaan ek na 'n rugbykamp toe. Ons gaan drie ure lank soontoe reis. Nadat ons uitgepak het, sal ons aandete eet. Later sal ons gaan slaap. Ons sal vroeg opstaan en ontbyt eet. Die afrigter sal ons wys hoe om ons oefeninge te doen. Ons sal 'n wedstryd speel en dan 'n paar dokumentêre flieks oor rugby kyk.

Van

Deon

Stuur




ONDERWYSER: Teken Datum

# 37 Ons kry inligting

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.



Ons lees

## Kinder-gesondheid



Die meeste skoolkinders kry heeltyd oefening sonder dat hulle dit besef. Hulle oefen terwyl hulle op die speelgrond speel of 'n bal by die skool rondskop of na die bus toe hardloop.

Wanneer jy oefening doen, help jy jou liggaam om sterk te word sodat jy die dinge kan doen wat jy wil doen. Jy moet probeer om elke dag aktief te wees. Maak seker dat jy swem, draf, stap, fietsry, strek, dans, rugby speel of netbal speel.

### Oefening hou jou hart gelukkig

Wanneer jy oefening doen, moet jou hart harder werk. Jy haal vinniger asem en jou liggaam kry meer suurstof. Dit maak jou hart sterker.

**Elke minuut se oefening is belangrik.**

### Oefening maak ons spiere sterk

Oefening maak jou spiere sterker. Dan kan jy veel meer doen sonder om moeg te voel.

### Oefening maak jou soepel

Oefening en strekoefening maak jou liggaam meer soepel. Dit beteken dat jy jou arms en bene vryelik kan beweeg sonder om styf of seer te voel.

### Oefening help jou om 'n goeie gewig te handhaaf

Wanneer jy oefen, verbrand jou liggaam vet. Dit help jou om 'n goeie gewig te handhaaf, sodat jy nie te maer of te vet word nie.

**Kyk minder TV en bestee minder tyd aan rekenaarspeletjies.**



**Kinders behoort meer te oefen en minder TV te kyk.**




Ons skryf

Lees die artikel weer en beantwoord dan hierdie vrae.

| Watter soort teks is dit? | |
|---|---|
| A | 'n Resep |
| B | 'n Fabel |
| C | 'n Inligtingsteks |
| D | 'n Beskrywing |

| Wat behoort kinders minder te doen? | |
|---|---|
| A | Minder te eet |
| B | Minder TV te kyk |
| C | Minder oefening te doen |
| D | Minder per motor te reis |



Datum:

NUWE WOORDE

Watter drie voordele van oefening word in die artikel genoem?

Wat dink jy beteken "Oefening hou jou hart gelukkig"?



Ons doen

Teken hier 'n prent om die artikel op die vorige bladsy te illustreer.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 38 Ons gee inligting







Beplan om jou eie inligtingsteks te skryf.

Waaroor sal jy skryf?

Wat is jou twee belangrikste idees?

Watter prente kan jy gebruik om elke hoofgedagte te illustreer?

Kan jy 'n staafdiagram opstel om inligting te verskaf?



Datum:



Ons skryf

Skryf nou jou teks. Teken twee prente om jou teks te illustreer.


Titel:

Inleiding:

Byskrif vir die prentjie

Hoofteks:

Byskrif vir die prentjie




# 39 Ons kry inligting uit diagramme



Ons praat

Die tekening hieronder sê vir ons van watter sportsoorte kinders hou. Gesels met jou maat daaroor.










Ons praat

- Hierdie soort prent word 'n staafdiagram genoem. Hierdie een sê vir ons van watter sportsoorte kinders hou.
- Kyk na die reël heel onder en sê vir jou maat watter sportsoorte genoem word.
- Kyk na die getalle in die kantlyn links, en sê watter getalle genoem word.

Datum:

**NUWE WOORDE**




**Ons skryf** Beantwoord nou hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Van watter sport hou die meeste kinders? | |
| Van watter sport hou die minste kinders? | |
| Hoeveel kinders hou van rugby? | |
| Hoeveel kinders hou van netbal? | |
| Hoeveel kinders hou van atletiek? | |
| Hoeveel kinders hou van swem? | |



**Ons doen** Vra tien maats van watter sportsoort hulle die meeste hou. Kleur die blokkies in die tabel hieronder in om te wys van watter sportsoort hulle hou. Begin aan die onderkant van die tabel.




Jou tabel sal min of meer so lyk.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 | | | | |
| 9 | | | | |
| 8 | | | | |
| 7 | | | | |
| 6 | | | | |
| 5 | | | | |
| 4 | | | | |
| 3 | | | | |
| 2 | | | | |
| 1 | | | | |
| | Rugby | Netbal | Swem | Atletiek |



Van watter sportsoort hou hulle die meeste? ________________

Van watter sportsoort hou hulle die minste? ________________



ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# Spelling en spelpatrone





Ons skryf

Vul die **afkappingsteken** op die regte plekke in.

BMWtjie

jas

videotjie

gn

pas

mas

as

matjie

Ferraris

Graad-4s

impis

videos

**Die afkappingsteken (')**

1. Ons gebruik dit by die meervoud en verkleining van woorde wat eindig op i, o en u, bv. Israeli's – Israeli'tjie.
2. By die meervoud en verkleining van woorde wat op 'n lang -a eindig, bv. hoera's. (Maar nie vir woorde soos oupas, dramas of tematjie nie.)
3. By afkortings, bv. HOD's.
4. Of by syfers: 1'e, 1'etjie, 8's, gr.-12's.
5. In die plek van klanke wat nie uitgespreek word nie, bv. "Ja, 'k sal nog".

Skryf 2 van jou eie sinne waarin jy woorde met afkappingstekens gebruik.

| |
|---|
| |
| |

| MEERVOUDE | VERKLEINWOORDE | VERKLEINWOORDE (vervolg) |
|---|---|---|
| • **Kort klanke**: Die medeklinker aan die einde van die woord verdubbel en die woord kry 'n -**e**, by bv. **kat** – **katte**.<br>• **Lang klanke**: Een van die klinkers in die middel val weg en die woord kry 'n -e, bv. **boom** – **bome**.<br>• **Diftonge**: Voeg 'n -e of 'n -s by die woord, bv. **boek** – **boeke**.<br>• **Onthou**: Daar is altyd uitsonderings op die reëls. | • -**ie**: Woorde wat op 'n -k eindig, bv. **boek** – **boekie**.<br>• -**pie**: Woorde wat met lang of dubbelklanke geskryf word en op 'n -**m** of 'n -**mp** eindig, kry 'n -**pie** of 'n -**ie** by, bv. **naam** – **naampie** of **hemp** – **hempie**.<br>• -**jie**, -**kie** of -**tjie**: Woorde wat op 'n -d of 'n -t eindig, kry net 'n -jie by, bv. **hond** – **hondjie**.<br>• -**tjie**: Woorde wat op ander medeklinkers (behalwe -k) eindig, bv. **beer** – **beertjie**. | • -**etjie**: By sommige woorde met kort klanke verdubbel die medeklinker en kom -**etjie** by, bv. **blom** – **blommetjie**.<br>• -**etjie**: Eenlettergrepige woorde wat op -ng eindig, kry ook -etjie, bv. **wang** – **wangetjie**.<br>• -**kie**: Waar woorde op -ng eindig, word die -g weggelaat en word -kie bygevoeg, bv. **piesang** – **piesankie**.<br>• **Onthou**: Daar is altyd uitsonderings op die reëls. |

Datum: ____________

# Taalwerk is pret





## Ons skryf

Voltooi die tabel.

| Enkelvoud | Meervoud | Verkleinwoord |
|---|---|---|
| duim | | |
| vlam | | |
| ring | | |
| poot | | |
| stoel | | |
| boek | | |
| toring | | |

'n **Saamgestelde** sin bestaan uit 2 hoofsinne en het altyd twee of meer werkwoorde.

> Onthou jy nog?
> 'n **Enkelvoudige** sin het altyd net een werkwoord/gesegde.

Omkring die **werkwoorde** en dui aan of dit 'n **enkelvoudige** of **saamgestelde** sin is.

| **Sin** | **Enkelvoudige** | **Saamgestelde** |
|---|---|---|
| Hy speel rugby en sy doen haar huiswerk. | | |
| Omdat sy 'n doel aangeteken het, het Nuwedorpskool die wedstryd gewen. | | |
| Ek hou daarvan om tennis te speel en ek hou daarvan om te wen. | | |
| Die seuns en die dogters neem aan atletiek deel. | | |

Skryf 2 van jou eie **saamgestelde** sinne.



# 41 Ons lees ’n storie

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om ’n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.


Ons praat

Kyk na die prentjies en sê vir jou maat waaroor jy dink die storie handel.



Ons lees

Lees die storie en vul dan ’n goeie titel daarvoor in.

______________________________

**Die begin**

Lulu is ’n baie selfsugtige tienjarige meisie. Sy woon in ’n groot huis in ’n pragtige woonbuurt. Sy is ’n enigste kind en sy is bederf. Sy het altyd lekker kos om te eet, en sy eet dit voor haar maats sonder om dit met hulle te deel. Sy deel ook nooit haar speelgoed nie.

Een sonnige Saterdagmiddag gaan Adam, Muzi en Emma met Lulu speel. Hulle besluit om haar ’n les te leer.

**Die middel**

Muzi neem sy nuwe skaatsplank met hom saam. Die kinders maak beurte om in die die lang oprit by Lulu se huis op die skaatsplank op en af te ry.

Lulu het haar ouers Kersfees gesmeek om vir haar ’n skaatsplank te gee, maar hulle het geweier. Toe haar maats haar nie ’n beurt met Muzi se skaatsplank gee nie, word sy kwaad en nors.

“Kry jou eie skaatsplank, Lulu,” roep Adam. “Dan kan jy saam met ons pret hê!”

Lulu voel baie terneergedruk en teleurgesteld. Sy het verwag om die middag te geniet, maar nou voel sy verveeld en hartseer. Sy besef dat sy haar maats nie reg behandel het nie, en dat hulle ook hartseer moes gevoel het.

**Die einde**

Skielik het sy ’n slim plan. “Waarom kom julle nie almal in om sap en sjokoladekoek te kom geniet nie?” sê sy vir haar maats. “En later kan ons op my rekenaar speel.” Lulu se maats is verras oor haar skielike houdingsverandering. Hulle is bly dat Lulu nie meer net aan haarself dink nie. Hulle glo dat sy haar speelgoed en eetgoed voortaan meer dikwels sal deel.

(ANA-eksamen, aangepas.)

Datum:

NUWE WOORDE



Ons skryf

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

| Watter soort maat was Lulu aan die begin? | |
|---|---|
| A | Vrygewig en sorgsaam |
| B | Selfsugtig en gemeen |
| C | Vriendelik en onselfsugtig |
| D | Onbeleefd en wreed |

| Waar het Lulu gewoon? | |
|---|---|
| A | In 'n klein, stil dorpie |
| B | Op 'n besige straat naby die see |
| C | In 'n pragtige woonbuurt |
| D | In 'n hoë woonstelgebou |

| Wanneer het Lulu se maats haar besoek? | |
|---|---|
| A | Op 'n sonnige Saterdagmiddag |
| B | Op 'n koue Saterdagaand |
| C | Op 'n winderige Saterdagoggend |
| D | Een middag na skool |

| Hoe het Lulu se maats haar laat besef dat sy verkeerd optree? | |
|---|---|
| A | Hulle het haar nie laat saamspeel nie. |
| B | Hulle het haar gevra om met hulle te deel. |
| C | Hulle wou met haar speelgoed speel. |
| D | Hulle het vir haar 'n Kersgeskenk gekoop. |

Waarom was Lulu aan die begin van die storie selfsugtig?

Hoe het Lulu se maats oor haar selfsugtigheid gevoel?



Ons doen


Voer 'n rolspel oor die storie op in groepsverband. Julle sal vier karakters nodig hê: Lulu, Emma, Adam en Muzi.



# 42 Ons dink na oor die storie




Stel jou voor jy is Lulu. Skryf 'n paragraaf waarin jy opsom wat vandag met jou gebeur het.






Vul die **byvoeglike naamwoorde** in wat Lulu aan die begin en aan die einde van die storie beskryf. Soek die betekenis van die woorde wat jy nie ken nie, in jou woordeboek op.

onwelwillend | vriendelik | onselfsugtig | onbeleef | slim

selfsugtig | welwillend | vrygewig | gemeen | gulsig | hulpvaardig

laf | bederf | kwaad | nors | gelukkig





Datum:

NUWE WOORDE




Skryf 'n beskrywing van Lulu se geaardheid aan die begin van die storie. Onderstreep dan al die **byvoeglike naamwoorde** wat jy gebruik het.

Skryf nou 'n beskrywing van jou beste maat.
Onderstreep al die **byvoeglike naamwoorde** wat jy gebruik het.



### Ons kyk na die basisvorm van woorde

Die kleinste betekenisvolle eenheid van 'n woord word die **basisvorm of stam** van die woord genoem.

In die woord "tafeltjie" is **tafel** die basisvorm of stam van die woord.

**Voorvoegsels** word voor aan **stamwoorde** bygevoeg. Dit is nie volledige woorde nie, maar woordgedeeltes. Elke **voorvoegsel** het sy eie betekenis. Wanneer 'n **voorvoegsel** voor aan 'n **stamwoord** gevoeg word, verander dit die betekenis van die **stamwoord**.

| voorvoegsel | stamwoord |
|---|---|
| on- | vriendelik |




Omkring die **voorvoegsels** en onderstreep die **stamwoorde** in die onderstaande tabel.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| misverstand | onregverdig | wanhoop | onseker | verspreek | gedoen |
| misplaas | gesien | verryk | wanorde | verlê | ongeduldig |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 43 Ons skryf ’n storie



Ons praat

Beplan om ’n storie te skryf oor iemand soos Lulu, wat haar gedrag tydens die storie verander.

Werk met jou maats saam om ’n storie op te maak oor iemand wat eers onvriendelik is maar later vriendelik word.



Ons skryf

Voltooi hierdie geheuekaart om jou storie te beplan.

Wie is die hoofkarakter en die ander karakters?

Hoe tree die hoofkarakter aan die begin van die storie op?



Titel

______________

______________

Wat gebeur om hom of haar te laat verander?

Hoe tree die hoofkarakter aan die einde van die storie op?

Datum:



Ons doen


Rolspeel die storie vir die klas. Sê wie die hoofkarakter is en wat die intrige is.



Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart om jou te help om die storie te skryf.



| | |
|---|---|
| Skryf die titel | |
| Hoe tree hy of sy aan die begin van die storie op?  | Die begin |
| Wat gebeur om hom of haar te laat verander?  | Die middel |
| Hoe tree hy of sy aan die einde van die storie op?  | Die einde |



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 44 Werkwoorde doen hulle werk




Kyk saam met jou maat na die prentjies en sê hoeveel handelinge julle sien. Soek handeling soos skop of hardloop. Dit is **werkwoorde**.







Vul die **werkwoorde** in die eerste kolom in, en skryf dan 'n sin waarin jy die werkwoord gebruik. Gebruik die **teenwoordige tyd**. *Sy skop die bal.*

| | |
|---|---|
| skop | Sy skop die bal. |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

> Onthou jy nog?
> **Onderwerp**: Wie voer die aksie uit?
> **Werkwoord**: Aksie-/doenwoord
> **Voorwerp**: Vra "Wie?" of "Wat?" Dit volg na die werkwoord.

Skryf die sinne nou in die **verlede tyd** oor. Omkring die **werkwoord**, onderstreep die **onderwerp** met rooi en die **voorwerp** met blou.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |



Datum:

**NUWE WOORDE**





Kyk na die lys **werkwoorde** in die teenwoordige en die verlede tyd. Skryf al die werkwoorde in die korrekte kolomme van die tabel in.

eet | skryf | hoor | gepraat | gedrink | geslaap | drink | geëet | neem | gevang | gehardloop | geleer | hardloop | geskryf | vang | praat | gehoor | leer | slaap | weet | geneem | geweet | gedink

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| Teenwoordige tyd | Verlede tyd |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |





Beantwoord hierdie sinne deur jou antwoorde met Nee te begin.
Onthou dat jy die woord **nie** twee maal in elke antwoord moet gebruik.

Wil Jabu 'n nuwe skaatsplank koop?

Nee, ______________________________.

Wil jy vanmiddag rugby gaan speel?

Nee, ______________________________.

Slaap die hond alleen buite?


Nee, ______________________________.

Wil Susan vandag by Mandu gaan speel?

Nee, ______________________________.

Eet die kinders graag lekkergoed?

Nee, ______________________________.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

45

# Mandu se geheime dagboek

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Terwyl jy lees**
- Vergelyk jou voorspellings met die teks.
- As daar iets is wat jy nie verstaan nie, lees dit weer stadig deur. Lees dit hardop.




Kyk na die titel en na die prentjies, en sê waaroor jy dink hierdie storie handel.

Hou jy 'n dagboek?

Wat skryf mense in dagboeke?



Mandu hou daarvan om elke dag in haar dagboek te skryf.

Elke dag skryf sy wat sy daardie dag gedoen het. Sy skryf ook haar geheime neer, wat sy nie wil hê enigiemand anders moet sien nie. Sy weet dat sy 'n goeie wegsteekplek vir haar dagboek nodig het. Sy kyk in haar slaapkamer rond en wonder waar sy dit kan wegsteek sodat niemand dit sal kry nie. Uiteindelik besluit sy om dit onder haar bed weg te steek.

Een middag, toe Mandu en haar maat Anita van die skool af terugkom, kry Mandu haar dagboek oop op die vloer in haar kamer. "Kyk Anita! Iemand het my dagboek gelees!" gil sy.

"Moenie bekommerd wees nie," troos Anita haar. "Soek net 'n beter plek om dit weg te steek."

Hulle kyk na die dagboek. "Kyk net hierdie vuil merke," sê Anita. "Dit is 'n gawe leidraad."

"Ek wed jou dis my boetie Ndi," sê Mandu. "Sy hande is altyd vuil." vuil." Maar toe onthou sy dat haar boetie net 5 jaar oud is en nog nie kan lees nie.



Toe kry sy 'n blonde haar tussen die dagboek se bladsye. "Dit is 'n belangrike leidraad," sê sy. "Iemand met blonde hare moes my dagboek gelees het. Maar almal in my gesin het swart hare. Wie kon dit gewees het?" vra sy, terwyl sy agterdogtig na Anita se blonde hare kyk.

Die twee meisies besluit om 'n lokval te stel. Mandu it haar dagboek onder haar bed terug, en dan sprinkel sy 'n bietjie meel op die vloer langs haar bed.

Enigiemand wat naby haar dagboek kom, sal nou voetspore in die meel laat. Die meisies verlaat die kamer, kruip om die hoek weg en wag!

Skielik hoor hulle krapgeluide uit die

slaapkamer. Hulle hardloop terug om te kyk wie dit is. En wat kry hulle?



Die vloer is vol van melerige voetspore. En daar is die skuldige! Zola, Mandu se hond, wat lang, wit hare het, is besig om met die dagboek te speel! Die meisies kan skaars hulle oë glo.

Zola was die leser van die dagboek! "Volgende keer sal jy 'n baie beter plek moet soek om jou dagboek weg te steek," lag Anita, terwyl sy haar vingers deur haar blonde hare trek.

(ANA-eksamen 2012, aangepas).




Wie is die hoofkarakters in die storie?

Wat is die intrige?

Wat is die agtergrond? Waar speel die storie hom af?




Soek **sinonieme** (woorde met dieselfde betekenis) vir hierdie woorde in die storie:

valstrik ______ skree ______ wenk ______

Waarom wou Mandu haar dagboek wegsteek?

Waarom het sy haar boetie Ndi verdink?

Watter lokval het hulle gestel?

Waarom het sy Anita verdink?

# Hoe sou jy hulle beskryf?





## Ons doen


Nommer hierdie sinne van 1 tot 6 om die korrekte volgorde van die storie aan te dui.

| | |
|---|---|
| ◯ Sy het 'n blonde haar in die dagboek ontdek. | ◯ Sy het haar dagboek weggesteek. |
| ◯ Sy het vuil merke in die dagboek gekry. | ◯ Sy het haar hond met haar dagboek sien speel. |
| ◯ Sy het besef dat iemand haar dagboek gelees het. | ◯ Sy het 'n lokval gestel deur meel op die vloer te sprinkel. |



## Ons skryf


Stel jou voor dat jy Mandu is. Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy opsom wat vandag met jou gebeur het. Gebruik die verlede tyd.






## Ons praat

Gesels met jou groep oor Mandu se karakter.
Gesels oor wat Mandu sê en doen.
Hoe weet ons dat Mandu nie maklik opgee nie?
Hoe weet ons dat sy goeie planne kan beraam?
Hoe lyk sy?



## Ons skryf

Vul 'n paar **byvoeglike naamwoorde** in wat Mandu beskryf.



Datum:

NUWE WOORDE



Ons skryf

Skryf nou 'n paragraaf waarin jy Mandu beskryf.


Mandu is 'n interessante karakter. Sy

Skryf hierdie sinne nou in die **indirekte rede** oor.

"Ndi, het jy my dagboek geneem?"



Mandu vra



"Nee. Ek is net vyf jaar oud en ek kan nog nie lees nie."

Ndi antwoord

"Mandu, wat gaan ons die res van die middag doen?"



Anita vra



Ons skryf

Voorsien hierdie sinne van punktuasie.

na skool het die twee meisies die bus gehaal en toe van die bushalte na mandu se huis gestap

op pad het hulle by 'n winkel aangegaan en jogurt piesangs en melk vir hulle mas gekoop

hulle het met mandelastraat afgestap en by vyfde laan links gedraai

ONDERWYSER: Teken Datum

# 47 Voor- en agtervoegsels



Jy het reeds geleer wat ’n **stamwoord** en ’n **voorvoegsel** is. Nou gaan ons na **agtervoegsels** kyk. Agtervoegsels is soos voorvoegsels, buiten dat hulle aan die einde van ’n stamwoord bygevoeg word om sy betekenis te verander.

Voorbeeld: Die agtervoegsel -loos beteken “sonder”, daarom beteken “gevoelloos” “sonder gevoel”.

Wat beteken hierdie **voorvoegsels**?

| Voorvoegsel | Betekenis |
|---|---|
| on- | nie |
| ver- | anders |
| mis- | sleg |
| wan- | verkeerd |
| ge- | verlede tyd |

Wat beteken hierdie **agtervoegsels**?

| Agtervoegsel | Betekenis |
|---|---|
| -vol | vol van |
| -loos | sonder |
| -agtig | soortgelyk |




Skryf 3 sinne waarin jy ’n woord met ’n **voorvoegsel** gebruik, en 3 sinne waarin jy ’n woord met ’n **agtervoegsel** gebruik.




Herskryf hierdie sinne. Begin met die woorde wat gegee word.

Mandu is baie kwaad.

Gister

Ek ry op my skaatsplank.

Môre

Datum:

**NUWE WOORDE**

Die twee dogters het die skuldige uitgevang.

Gister

Die kinders is terug by die skool.

Môre

Die sokkerspan is by die stadion.

Gister

Ons het 'n nuwe rugby-afrigter.

Môre

Ek het 'n nuwe skooltas.


Gister



**Vir die pret**

Help Mandu om die spore van die hond te volg.





# Beplan om ʼn storie te skryf





Ons skryf

Wie is die karakters?

Wat is die agtergrond?



Wat is die intrige?

Hoe eindig dit?



Ons doen Rolspeel jou storie vir die klas.



Datum:



Ons skryf

Gebruik jou geheuekaart om jou storie te skryf.

**Die begin**

**Die middel**

**Die einde**



Datum: ____________________



| Ek kan | | |
|---|---|---|
| 'n weerkaart lees. | | |
| 'n staafdiagram lees. | | |
| homonieme en homofone onderskei. | | |
| voegwoorde gebruik. | | |
| voorsetsels en agtervoegsels gebruik. | | |
| hooftelwoorde en rangtelwoorde gebruik. | | |
| die teenwoordige, verlede en toekomende tyd gebruik. | | |
| 'n inligtingsteks lees. | | |
| stories lees en verstaan. | | |
| 'n staafdiagram opstel. | | |
| 'n pamflet beplan en opstel. | | |
| 'n storie beplan en skryf. | | |
| 'n storie en sy slot voorspel. | | |
| stories opsom. | | |
| die afkappingsteken gebruik. | | |
| meervoude en verkleinwoorde maak. | | |
| enkelvoudige en saamgestelde sinne onderskei. | | |
| byvoeglike naamwoorde gebruik. | | |
| 'n karakterskets skryf. | | |
| indirekte rede gebruik. | | |

NUWE WOORDE

____________________

____________________

____________________

____________________

I n h o u d



# Tema 4: Feit en fiksie


**Fabels**
**Kwartaal 2: Week 5 – 6**

**49 Lees fabels** 104
'n Bespreking van fabels.
Pre-lees: Voorspelling aan die hand van visuele leidrade.
Knip die storie uit en maak 'n boekie daarvan.
Vul die leë praatborrels in.
Lees die interaktiewe storie van Die Haas en die Skilpad.

**50 Ná die resies** 107
Begripsoefening: Meerkeusevrae gebaseer op die fabel.
'n Bespreking van die storie, die karakters, die agtergrond en die intrige.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om die haas en die skilpad te beskryf.
Skryf 'n karakterbeskrywing van een van die twee karakters.

**51 Vertel die nuus** 108
Som die storie van die haas en die skilpad op met die hulp van verbindingswoorde soos "toe", "daarna" en "uiteindelik".
Beplan om 'n sportverslaggewer te wees wat verslag doen oor die resies tussen die haas en die skilpad.
Bied 'n mondelinge verslag aan en skryf notas neer.
Kontroleer aanbieding aan die hand van 'n kontrolelys.
Verduideliking van afleidings.
Onderstreep die voor- en agtervoegsels.

**52 Werk met sinne** 110
Die vorming van samestellings.
Werk met sinne.
Deelwoorde, die direkte rede en die indirekte rede.
Verwarrende woorde.
Hersiening van sinonieme, antonieme, homofone en homonieme.

**53 Die padda en die slak** 112
Pre-lees: Voorspelling aan die hand van visuele leidrade.
Bespreking van die karakters, die intrige, die agtergrond en die slot.
Skryf die storie aan die hand van die prentjies.
Gebruik van verbindingswoorde

**54 Dink na oor die padda en die slak** 114
Lees die storie hardop voor.
Rolspeel die storie in groepsverband.
Maak 'n lys van werkwoorde.
Beplan om 'n sportverslaggewer te wees wat verslag doen oor die resies tussen die haas en die skilpad.
Bied 'n mondelinge verslag aan en skryf notas neer.
Kontroleer aanbieding aan die hand van 'n kontrolelys.
Spelling en punktuasie.
Kies die korrekte spelling van woorde en vul dit in sinne in.
Bou eie sinne met gegewe woorde.

**55 Onderwerpe, werkwoorde en voorwerpe** 116
Onderstreep onderwerpe, werkwoorde en voorwerpe in sinne.
Oorganklike en onoorganklike werkwoorde.
Soek en onderstreep werkwoorde en onderwerpe in sinne en omkring die voorwerpe.
Skryf 'n dagboekinskrywing oor die vorige naweek.
Onderstreep die onderwerpe, werkwoorde en voorwerpe.

**56 Wat bedoel jy?** 118
Bespreking van idiome.
Skryf neer wat hulle beteken.
Teken 'n idioom.

**Aanwysingsteks**
**Kwartaal 2: Week 7 – 8**

**57 Maak plaatkoekies** 120
'n Bespreking van die bestanddele, die metode en die kombuisgereedskap.
Begrip van instruksies.
Bespreek die terminologie wat gebruik is.

**58 Ek skryf my eie resep** 122
Skryf 'n resep aan die hand van 'n raamwerk wat voorsien word.
Verduidelik die resep aan die groep.
Bekendstelling met hulpwerkwoorde.
Soek en onderstreep hulpwerkwoorde in sinne.
Voltooi sinne wat met hulpwerkwoorde begin.

**59 Gee aanwysings** 124
Gee mondelinge aanwysings na verskillende plekke in die skool.
Teken 'n kaart van die skool.
Woordverdeling: Verdeel woorde in lettergrepe. Gebruik enkele woorde om sinne te vorm.

**60 Ons lees kaarte** 126
Gee mondelinge en geskrewe antwoorde op vrae wat op prente gebaseer is.
Gebruik tydsvorme om 'n sin te vorm.

**61 Waar dinge is** 128
Die gebruik van twee verskillende perspektiewe.
Vergelyk twee perspektiewe en beantwoord vrae op grond daarvan.
Werk met hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde.
Maak sinne met hulpwerkwoorde.

**62 Gee aanwysings** 130
Omkring die korrekte woord.
Vul die korrekte woord in.
Lees en interpreteer aanwysings.

**63 Werk die resep uit** 132
Nommer prentjies in die korrekte volgorde om 'n toebroodjie te maak.
Maak 'n toebroodjie volgens aanwysings.
Skryf die metode in die korrekte volgorde neer.
Maak potloodpoppies.

**64 Ons skryf 'n storieboek** 134
Beplan om 'n storieboek te skryf.
Die skryf en aanbieding van 'n storieboek wat uitgeknip kan word.




# Lees fabels




In die eerste kwartaal het jy 'n fabel gelees oor die seun wat "Wolf!" geroep het. Gedurende hierdie twee weke kyk ons na ander fabels.



## Wat is 'n fabel?

'n Fabel is 'n storie wat handel oor toweragtige kreature, diere, plante en plekke. Dit vertel 'n storie met 'n morele boodskap. Die meeste fabels is baie oud, en baie van hulle, soos Die Seun wat "Ruimteskip!" Geroep Het, word oorvertel in 'n moderne omgewing, maar met dieselfde boodskap. Die meeste fabels handel oor diere wat kan praat, en natuurtonele met woude en riviere.




- Kyk na die prente op die teenoorstaande bladsy.
- Is daar diere wat kan praat?
- Kyk na die prentjie en sê in watter omgewing die storie hom afspeel.
- Verwyder die volgende bladsy uit jou boek. Knip die bladsy op die rooi lyntjies en vou dit op die swart lyntjies om 'n boek te maak. Wanneer jy dit gedoen het, moet jy die storie in jou groep lees. Vul die oop praatborrels in. Vul ook enige ontbrekende dele van die storie in die oop spasies in.




Teken die renbaan waar die haas en skilpad gaan hardloop, nadat jy die storie gelees het.

Die diere juig opgewonde toe die skilpad oor die wenstreep stap. Hulle juig so hard dat die diere in die volgende woud, wat baie kilometers daarvan is, hulle kan hoor. Toe die beer die trofee aan die skilpad oorhandig, sê hy:






STAP 2: Vou op die stippellyn.

STAP 3: Kram aan hierdie kant.

# Die haas en die skilpad





Stap 1: Vou op die stippellyn.


Die haas hardloop voor die skilpad uit. Hy kyk aanhoudend om na die skilpad. Hy lag vir haar.





Uiteindelik breek die dag van die resies aan. Al die diere van die woud kom die haas ondersteun. Hulle juig en waai vlae. Hulle blaas hul vuvuzelas en sing liedjies.

Die beer tree as beampte op. "Op julle merke, gereed, GAAN!"roep hy.







Die haas en die skilpad woon in die woud. Die haas is baie trots op sy spoed. Hy spot altyd met die skilpad omdat sy so stadig is.

Tot die haas se verbasing, daag die skilpad hom uit tot 'n resies. "Ons hardloop oor die veld, oor die wortelbedding en tot by die eendedam," sê sy. Die nuus van die resies versprei vinnig deur die hele woud. Al die diere en voëls kom daarvan te hore.



Die diere is baie opgewonde en begin juig toe hulle sien hoe die skilpad al nader aan die wenstreep kom. Hulle juig en blaas hul vuvuzelas.

Die geraas maak die haas wakker. Die skilpad is amper by die wenstreep! Hy spring op en hardloop agter haar aan.








Die haas besluit om fiks te word vir die resies.






Die haas glo dat hy die resies gewen het. Hy besluit om onder 'n boom te ontspan en na musiek te luister. Wanneer die skilpad nader kom, kan hy net opspring en na die wenstreep toe hardloop.

# Ná die resies



Ons skryf

Lees hierdie vrae en omkring die letter langs die korrekte antwoord.

| Wie is die hoofkarakters in hierdie fabel? | |
|---|---|
| A | ’n Skilpad en ’n skoenlapper |
| B | ’n Haas en ’n skilpad |
| C | ’n Beer en ’n skilpad |

| Waar speel hierdie fabel hom af? | |
|---|---|
| A | In die woud |
| B | In die dieretuin |
| C | In die Krugerwildtuin |

| Watter van die volgende beskryf die haas se karakter die beste? | |
|---|---|
| A | Gaaf en goedhartig |
| B | Gemeen en naar |
| C | Trots en arrogant |

| Wat is die sedeles in die storie? | |
|---|---|
| A | As jy om hulp roep, sal niemand jou help nie. |
| B | Stadige maar bestendige vordering wen die resies. |
| C | Jy moet eerlik wees. |

Stem jy saam dat hierdie storie ’n fabel is? Sê waarom.

Dink aan **byvoeglike naamwoorde** om die karakter van die haas en die skilpad te beskryf. Skryf die woorde in die raampies.





Gebruik sommige van die woorde in die vorige aktiwiteit om ’n paragraaf te skryf waarin jy een van hierdie twee karakters beskryf.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Vertel die nuus



Ons skryf

Som die storie van die haas en die skilpad op in omtrent agt sinne.

Aan die begin

Toe

Daarna

Uiteindelik

Ons praat

Verbeel jou jy is 'n sportverslaggewer en jy moet verslag lewer oor die resies tussen die haas en die skilpad. Wat sou jy sê?

Bied jou verslag vir jou groep aan.

Skryf nog 'n paar idees neer.

*Hier volg vandag se sportnuus. ___________ doen verslag. 'n Resies tussen die haas en die skilpad het vandag in Groenboomwoud plaasgevind.*



## Ons maak seker

| Het ek | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| my sportverslag logies en in die regte volgorde aangebied? | | |
| genoeg inligting oor die resies, die karakters en die omgewing gegee? | | |
| die regte taal vir kinders gebruik? | | |

Datum:

# Afleidings en samestellings

**Samestellings** is woorde wat meer as een **stamwoord** bevat, bv. tafel + poot = tafelpoot.



Ons skryf

Verbind elke woord in kolom A met 'n woord in kolom B om 'n nuwe woord te maak. Skryf die nuwe woorde in die laaste kolom.



| Kolom A | Kolom B | Samestelling |
| --- | --- | --- |
| boek | kosyn | |
| deur | raam | |
| foto | muis | |
| slaap | rak | |
| tand | kamer | |

**Afleidings** is woorde met voorvoegsels of agtervoegsels of albei, bv. ge+koop+te.

Onderstreep die **voorvoegsel** in elke woord met rooi en die **agtervoegsel** met blou.

geadresseer    onleesbaar    onbetroubaar    onbuigsaam

behuising    herkenbaar    onverstaanbaar    gewapende

Gebruik die woorde in sinne.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Werk met sinne

## Deelwoorde
(werkwoorde wat verander)

Ons kry twee soorte deelwoorde:

1. Teenwoordige deelwoorde, bv. slapende
2. Verlede deelwoorde, bv. gebreekte




Omkring die **deelwoord** in elke sin.

| |
|---|
| Ons voel jammer vir die treurendes. |
| Party mense is mos siende blind en horende doof. |
| Hy het gebreekte ribbes. |
| Ons maak vuur met die gekapte hout. |
| Hy skaaf die gesaagde hout. |

## Direkte Rede

Ons gebruik die **direkte rede** om mense se direkte woorde aan te haal. Ons dui dit met aanhalingstekens (") of praatborrels aan, bv. **"Ek is die vinnigste in die woud."**

| |
|---|
| Haas: "Jy wens seker jy was so vinnig soos ek." |
| Skilpad: "Ek daag jou uit tot 'n resies." |
| Haas: "Dis reg, ons spring môreoggend om 6-uur weg." |
| Skilpad: "Goed so, ons hardloop oor die wortelland tot by die eendedam." |
| Haas: "Sien jou môre, Skilpad." |

## Indirekte Rede




Ons gebruik die indirekte rede om van ander mense se woorde verslag te doen, bv. **Haas het gesê hy is die vinnigste in die woud.**

Skryf die gesprek tussen Haas en Skilpad in die indirekte rede oor.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

Datum: ______________

# Verwarrende woorde



Ons skryf

Soms kan woorde verwarrend wees. Weet jy watter woord pas waar? Voltooi die sinne deur die korrekte woorde in te vul.

| deur | dier | duur |
|---|---|---|

Die ______________ is van hout gemaak.

Silwer is 'n baie ______________ metaal.

'n Kat is 'n ______________ .

| bid | bad | bed |
|---|---|---|

Ons ______________ in die kerk.

Ek slaap op my ______________ .

As ek vuil is, ______________ ek.



Ons hersien

Vertel vir jou maat wat 'n **sinoniem**, 'n **antoniem**, 'n **homofoon** en 'n **homoniem** is. Lees die woorde wat langs mekaar staan en dui aan of hulle sinonieme, antonieme, homonieme of homofone is.

| | | |
|---|---|---|
| hede | verlede | |
| hael | haal | |
| maer | maar | |
| eiendom | besittings | |
| brei ('n trui) | brei ('n span) | |
| insek | gogga | |
| lui | fluks | |
| gans te oud | gans eet insekte | |



ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Die padda en die slak



Ons praat

Praat met jou maat oor die strokiesprent. Die storie het dieselfde storielyn as die storie oor die haas en die skilpad. Kyk na die prentjies en werk uit waaroor die storie handel.




Ons skryf

Wie is die karakters?

Waar speel die storie hom af?

Wat is die intrige?

Hoe eindig dit?

Datum: ____________




Gebruik die prentjies om jou te help om die storie van die padda en die slak te skryf. Gebruik sommige van hierdie woorde om jou paragrawe te verbind.


**Verbindingswoorde**

eers, daarna, volgende, later, kort voordat, uiteindelik, ten slotte, ondertussen













*Die einde*

# Dink na oor die padda en die slak





Ons lees


Lees die stories oor die haas en die skilpad asook die padda en die slak hardop in groepsverband voor.





Ons rolspeel

Rolspeel die storie oor die slak en die padda in groepsverband. Julle het 'n slak, 'n padda en 'n verteller nodig.





Ons skryf

Lees jou storie deur en maak 'n lys van al die **werkwoorde** wat jy gebruik het. Omkring die werkwoorde in die verlede tyd.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |



Ons praat

Verbeel jou jy is 'n sportverslaggewer en jy moet verslag lewer oor die resies tussen die slak en die padda. Wat sou jy sê?

Lewer jou verslag vir jou groep.

Skryf nog 'n paar idees neer.

*Hier volg vandag se sportnuus. ___________ doen verslag. Daar het vandag 'n resies tussen die slak en die padda in Groenboomwoud plaasgevind.*



## Ons maak seker

| Het ek . . . | ✔ | ✘ |
|---|---|---|
| my sportverslag logies en in die regte volgorde aangebied? | | |
| genoeg inligting oor die resies, die karakters en die omgewing gegee? | | |
| die regte taal vir kinders gebruik? | | |

Datum:

# Spelling en punktuasie

Ons het nou al baie spelreëls en spelpatrone geleer. Ons het ook geleer wanneer om 'n afkappingteken, 'n deelteken en 'n kappie te gebruik.



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne deur die regte spelling van die woord te kies en in te vul.

| | |
|---|---|
| mas<br>ma's | Ons ______________ is baie lief vir ons.<br>Die ______________ van die skip het gebreek. |
| bomme<br>bome | Daar is baie ______________ in ons tuin.<br>Tydens die oorlog het daar baie ______________ geval. |
| swaar<br>swaer | My pa het vir sy ______________ gaan kuier.<br>Hulle kry maar baie ______________ in die droogte. |
| bere<br>bêre | Daar is baie ______________ in die woud.<br>Sy ______________ haar kryte nadat sy ingekleur het. |
| feë<br>vee | Ek ______________ met 'n besem.<br>Daar is baie ______________ in kinderstories. |
| matte<br>mate | My ma het nuwe ______________ vir die huis gekoop.<br>Ons gebruik verskillend tipes ______________ om mee te meet. |
| vier<br>vuur | Ons is in graad ______________.<br>Ek gebruik hout om ______________ te maak. |
| bosse<br>bose | Die ______________ is dig van die bome.<br>Leuens is 'n ______________ kringloop. |
| rame<br>ramme | My ma sit ons foto's in ______________.<br>Daar is baie ______________ op die plaas. |



Bou jou eie sinne met die volgende woorde.

| | |
|---|---|
| mini's | |
| tonele | |
| voël | |
| brûe | |
| spieël | |
| rûe | |

ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Onderwerpe, werkwoorde en voorwerpe









Lees hierdie sinne saam met jou maat.

Onderstreep die onderwerp in rooi. Die onderwerp is die persoon of ding wat die aksie uitvoer.

Onderstreep die werkwoord in blou. Die werkwoord is die doenwoord.

Onderstreep die voorwerp in groen. Die voorwerp sê vir jou wat of wie die werkwoord affekteer.








| |
|---|
| Die kat jaag die muise. |
| Anita hou van Jabu. |
| Die sjef het die kos verbrand. |
| Die seun het die ruit gebreek. |
| Die meisie het 'n vlieër gevlieg. |
| Ons het 'n koek gebak. |




Soek en onderstreep die werkwoorde in elkeen van hierdie sinne. Omkring dan die voorwerp.


Sommige werkwoorde het nie sin sonder 'n voorwerp nie. Hulle word **oorganklike werkwoorde** genoem.

| | |
|---|---|
| Sy het die ruit gebreek. | Ek het my glas volgemaak. |
| Hy was sy gesig. | Mandu het haar dagboek weggesteek. |
| Die beer het die resies begin. | Anita het 'n e-pos geskryf. |

Kyk nou na hierdie sinne. Onderstreep die onderwerp en die werkwoord. Hierdie sinne het nie voorwerpe nie.

**Onoorganklike werkwoorde** het nie 'n voorwerp nodig om die sin te voltooi nie.





| | |
|---|---|
| Sy lees. | Die hond slaap. |
| Ons eet. | Hulle werk. |
| Sy huil. | Hulle hardloop. |
| Katte spin. | Die boot het gesink. |

Datum: ____________________




Soek en onderstreep nou die **werkwoorde** in hierdie sinne.

| |
|---|
| Ek wou in die konsert sing, maar ek moes dokter toe gaan. |
| Die taxi het nie opgedaag nie, toe moes ek loop. |
| Die dokter het aanbeveel dat ek meer groente eet. |
| Ek sal dit in my tuin kweek. |




Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy beskryf wat jy verlede naweek gedoen het. As jy hiermee klaar is, moet jy
onderwerpe in rooi onderstreep, die
die voorwerpe in






ONDERWYSER: Teken __________ Datum __________

# 56 Wat bedoel jy?





Praat met jou groep oor wat die woorde wat uitgelig is, regtig beteken. Skryf dan neer wat jy dink die **idiome** beteken.

**Idiome** is uitdrukkings wat iets anders as die gewone betekenis van die woorde beteken. Ons gebruik hulle oor en oor as ons praat.




My pa het groen vingers. Sy tuin is pragtig.





Lulu het met die hele mandjie patats vorendag gekom. Nou weet almal wat my geheim is.

Joe is 'n regte boekwurm. Hy het altyd sy neus in 'n boek.





Ek het na 'n angswekkende fliek gaan kyk. My hare het penorent gestaan.




Het ek regtig 100% vir my toets gekry, of korswel jy net met my?




Ek kan nie daardie rekenaarspeletjie bekostig nie. Dit kos 'n pot vol geld.

Datum:

Jabu en sy broer is baie eners. Hulle is soos vinkel en koljander.





Ons het dit nie bespreek nie want dit is ’n turksvy.

Hy kry regtig dinge gedoen. Hy is ’n voorslag.





Hy glo alles wat ’n mens hom vertel. Hy eet alles vir soetkoek op.




Ons doen

Kies een van die idiome op hierdie bladsy en teken ’n prentjie van wat jy dink die woorde beteken.

# 57 Maak plaatkoekies




Lees die resep en beantwoord die vrae:



## Resep vir plaatkoekies




### Bestanddele

- 4 eetlepels botter
- 1 koppie meel
- 3 eetlepels suiker
- 'n Knippie sout
- 2 teelepels bakpoeier
- 2 eiers
- 1 koppie melk
- $\frac{1}{2}$ teelepel vanielje-ekstrak

### Metode

1. Smelt die botter oor lae hitte.
2. Meng die droë bestanddele saam in 'n groot mengbak.
3. Meng die res van die bestanddele met die botter in 'n ander kleiner bakkie.
4. Voeg die nat bestanddele by die droë bestanddele en roer ongeveer 1 minuut lank.
5. Drup lepelsvol van die beslag in 'n warm pan.
6. Keer die plaatkoekies om as borrels op die oppervlak verskyn.
7. Bedien met stroop as albei kante goudbruin is.






Lees die resep versigtig deur en beantwoord dan die vrae daaroor.

Watter bestanddele is die droë bestanddele? Lys hulle.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

Datum:



Watter bestanddele is die nat bestanddele? Lys hulle.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

Hoe moet die plaatkoekies bedien word?

Wat bedoel ons met “lae hitte”?

Wat bedoel ons met “omkeer”?

Wat is goudbruin?

Wat bedoel ons met ’n knippie sout?

Wat is ’n beslag?

Wat moet jy doen nadat jy die nat bestanddele in die bak gegooi het?

# 58 Ek skryf my eie resep



Ons skryf

Skryf nou jou eie gunstelingresep.

Onderstreep al die **werkwoorde** in jou resep en in die plaatkoekieresep.



Resep vir ____________________

Bestanddele


| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Metode

| |
|---|
| |
| |
| |
| |

Kookgereedskap wat nodig is.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |



Ons praat

- Verduidelik die resep in die korrekte volgorde aan jou groep.
- Hoeveel keer het jy woorde soos "behoort" en "moet" gebruik?
- Hierdie woorde word **hulpwerkwoorde** genoem.

| | |
|---|---|
| kan | moet |
| mag | moes |
| wil | wou |

Kyk na hierdie hulpwerkwoorde.

Wat sê hierdie hulpwerkwoorde vir ons?

Ons gebruik "kan" om vermoë aan te dui.

Ons gebruik "mag" om toestemming aan te dui.

Ons gebruik "moet" en "behoort" om noodsaaklikheid aan te dui.

Ons gebruik "sal" om intensie aan te dui.



Datum: ____________________



Ons skryf

Soek en <u>onderstreep</u> die **hulpwerkwoorde** in hierdie sinne. Ons het die eerste een vir jou gedoen.



Jy <u>behoort</u> jou swembroek te bring as jy wil swem.

Die bus sal om 09:00 van die skool af vertrek.

Jy moet jou eie middagete bring.

Jy behoort elke dag jou huiswerk te doen.

Ek sal môre sokker speel.

Jy moenie rook nie.

Ek kan nie vandag speel nie. Ek moet vir my toets leer.

Mag ek vandag vroeg loop?

Hy kan baie goed sokker speel.

Ek moet na die tandarts toe gaan omdat ek tandpyn het.



Ons skryf

Voltooi nou hierdie sinne.

Jy moenie

Ek wil

Jy moet

Ek sal

Mag ek


ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Gee aanwysings



Ons doen

'n Nuwe seun het vandag by jou skool begin. Help hom om sy pad by die skool te kry.




Ons doen

Lees die aanwysings versigtig. Volg dan die aanwysings om die verskillende plekke in bostaande skoolplan te kry.


| | |
|---|---|
| Die Graad 4-klaskamer | Dit is die eerste klaskamer aan sy regterkant. |
| Die skoolhoof se kantoor | As hy inkom, moet hy links draai. Dit is die tweede deur aan die regterkant. |
| Die toilette | Wanneer hy by die skool inkom, moet hy links draai. Hy sal hulle in die vierde kamer regs kry. |
| Die speelgrond | As hy inkom, moet hy links draai en dan by die deur aan sy regterkant ingaan. |

Datum:



Teken nou 'n kaart van jou skool.

Vir die pret





Ons skryf

Skryf aanwysings van die skoolhek tot by jou klaskamer.



Ons skryf

## Woordverdeling ÷


Verdeel hierdie woorde in lettergrepe. Skryf nou die aantal lettergrepe in die kassie. As jy dit gedoen het, moet jy 6 woorde gebruik om sinne te vorm. Skryf hulle in jou klaswerkboek.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| kleur/vol | 2 | hartseer | | klaswerkboek | | lelik | |
| hulpeloos | | kreatief | | vergelyking | | lelikste | |
| wonderlik | | selfvertroue | | goedhartig | | kelnerin | |
| gelukkig | | betroubaar | | lettergrepe | | bewaring | |
| agtelosig | | pragtig | | beeldskoon | | gemaklik | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 60 Ons lees kaarte


## Waar Jabu en Thema woon






**Ons skryf** Kyk na die prentjie en vul dan die ontbrekende woorde in.

1. Thema woon in ’n huis met ’n geel muur en ’n __________ dak.
2. Thema draai __________ om na die roomyswa te stap.
3. Jabu woon in ’n huis met ’n __________ dak. Hy kyk na Thema.
4. Jabu draai links. Dan draai hy __________ om by die poskantoor te kom.
   Hy kan __________ daar koop.
5. As Thema seëls wil koop, draai sy __________ by haar hek omdat die aan __________ haar regterkant is.



Datum:

# ’n Lekker speletjie: wie gaan wen?

- Gooi jou dobbelsteen.
- Skuif jou merker aan.
- Gebruik tydsvorme om ’n sin te vorm.
- Die een wat eerste by die eindstreep kom, is die wenner.



# 61 Waar dinge is



Ons praat

- Wat sien jy as jy op ’n stoel in jou klaskamer staan en afkyk?
- Wat sien jy as jy agter in die klas staan en na die klaskamer kyk?
- Wat sien jy as jy voor in die klas staan en na die klaskamer kyk?
- Probeer om dit te doen.



Ons skryf

| Maak ’n lys van 12 dinge in die klaskamer in Prentjie 1. | Merk hulle as hulle ook in Prentjie 2 is. |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Prentjie 1: ’n agteraansig van ’n klaskamer




Prentjie 2: ’n planaansig van die klaskamer





Ons skryf

Kyk na die twee tekeninge en beantwoord dan die volgende vrae.

| | Prentjie 1 | Prentjie 2 |
|---|---|---|
| Waar het die kunstenaar gestaan toe sy hierdie prentjie geteken het? | Agter of bo | Agter of bo |
| Hoeveel kinders sit in hierdie klaskamer? | | |
| Wat is langs die venster? | | |
| Hoeveel vensters het hierdie klaskamer? | | |
| Hoeveel rakke is daar in die boekrak? | | |

Datum: ____________




Ons skryf

In kwartaal 1 en 2 het jy met 'n hele paar soorte werkwoorde kennis gemaak. Kies en vul die korrekte **hulpwerkwoord** in elke sin in. Onderstreep die **hoofwerkwoord**.

**Hulpwerkwoorde** is helpers.
Hulle help die **hoofwerkwoord** om die betekenis te voltooi.

| | |
|---|---|
| het<br>sal | 1. Ek ____________ gister netbal gespeel.<br>2. Ek ____________ môre netbal speel. |
| sal<br>wou | 3. Hy ____________ gisteraand sewe-uur gaan slaap.<br>4. Hy ____________ vanaand sewe-uur gaan slaap. |
| word<br>is | 5. Môre ____________ my boetie sewe jaar oud.<br>6. Ek ____________ al 'n maand lank 10 jaar oud. |
| sal<br>kon | 7. Hy ____________ nie die som regkry nie.<br>8. Ek ____________ hom help. |
| moet<br>kan | 9. Ek ____________ my huiswerk doen, anders kry ek pak.<br>10. Ek ____________ my somme doen, niemand hoef my te help nie. |
| moes<br>mag | 11. Hy ____________ môre fliek toe gaan.<br>12. Sy ____________ gister haar sweetpak weggepak het, maar sy het vergeet. |




1 het, 2 sal, 3 wou, 4 sal, 5 word, 6 is, 7 kon, 8 sal, 9 moet, 10 kan, 11 mag, 12 moes

Kies nou een woord uit elk van die gekleurde raampies en maak jou eie sinne.

# 62 Gee aanwysings








**Ons skryf** Omkring die korrekte woord.

| |
|---|
| Hadebestraat is noord/suid van Mandlastraat. |
| Die skool is noord/suid van Mandlastraat. |
| Die hospitaal is noord/suid van Hadebestraat. |

Vul nou die korrekte antwoord in.

| | |
|---|---|
| In watter straat is die hospitaal? | |
| In watter straat is die park? | |
| In watter straat is die brandweer? | |
| Skryf drie sinne oor waar plekke op hierdie kaart is. | |
| | |
| | |
| | |

Datum:



Ons praat

Kyk nou na die kaart op hierdie bladsy. Gee vir jou maat aanwysings na verskillende plekke. Begin jou aanwysings altyd by die skool.

*Voorbeeld*

Vraag: Ek loop 4 blokke suid van die skool af en 1 blok wes. Waarheen gaan ek?

Antwoord: Na die tandarts.






Ons skryf


Lees hierdie aanwysings. Vul die plek waarheen die persoon gaan in die regterkolom in. Gebruik dieselfde kaart.

| | |
|---|---|
| Ek loop 2 blokke oos en 2 blokke suid. | *Die poskantoor* |
| Ek loop 3 blokke suid en 3 blokke wes. | |
| Ek loop 3 blokke oos. | |
| Ek loop 3 blokke noord en 2 blokke wes. | |
| Ek loop 2 blokke noord en 1 blok oos. | |
| Ek loop  2 blokke suid. | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Werk die resep uit





**Ons doen**

Nommer die prentjies in die korrekte volgorde om 'n toebroodjie te maak.













**Ons skryf**

Skryf nou die resep en dui aan watter bestanddele jy nodig het.

## Maak 'n toebroodjie met grondboontjiebotter en piesang.


### Bestanddele

| | |
|---|---|
| | |
| | |

Gebruik die prentjies wat jy genommer het om die metode in die korrekte volgorde neer te skryf. Onthou om jou instruksies met werkwoorde te begin.

### Metode

| |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |
| 4 |
| 5 |



Datum:


# Maak 'n potloodpoppie



Ons doen







1 Knip die potloodpoppies van die knipselblad agter in die boek uit.

2 Knip die poppies op die dik buitelyne uit.

3 Vou langs die stippellyne.

4 Vou die poppie oop en smeer gom daarop.

5 Laat die gom 'n paar minute lank droog word.

6 Neem 'n potlood. Vou die wit strook onder die poppie omtrent 1 sentimeter diep om die punt van die potlood.

7 Hou dit stewig vas en plak die wit strook met kleefband aan die potlood vas.



## Ons maak seker

| Ek kan | 🙂 | 🙁 |
|---|---|---|
| 'n inligtingsteks lees, bv. 'n weerkaart. | | |
| 'n inligtingsteks skryf. | | |
| inligting uit 'n storie gee. | | |
| 'n storie skryf. | | |
| 'n beskrywing van 'n karakter skryf. | | |
| die boodskap van 'n fabel lees en verstaan. | | |
| 'n fabel skryf. | | |
| byvoeglike naamwoorde gebruik. | | |
| trappe van vergelyking gee, soos groot, groter, grootste. | | |
| selfstandige naamwoorde gebruik. | | |
| voegwoorde gebruik. | | |
| voorsetsels gebruik. | | |
| verskillende soorte werkwoorde soos hoofwerkwoorde en hulpwerkwoorde identifiseer. | | |
| die korrekte antonieme en sinonieme van woorde gee. | | |
| tussen homonieme en homofone onderskei. | | |
| die verskil tussen 'n afleiding en 'n samestelling verduidelik. | | |
| aangeleerde spelreëls toepas. | | |
| die deelteken, die kappie en die afkappingsteken korrek gebruik. | | |
| punktuasie korrek gebruik. | | |
| woorde in lettergrepe verdeel. | | |
| die onderwerp, voorwerp en werkwoord/ gesegde in 'n sin identifiseer. | | |
| saamgestelde sinne skryf. | | |
| die verlede tyd gebruik. | | |
| die toekomende tyd gebruik. | | |
| die teenwoordige tyd gebruik . | | |
| sinne in direkte en indirekte rede skryf. | | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons skryf 'n storieboek

Datum:



Ons praat

Praat met jou maat oor 'n storie wat jy wil skryf.
Vul jou idees op hierdie geheuekaart in.

1 Die karakters

2 Die begin




3 Die middel


4 Die einde

Maak jou eie boek. Knip die volgende bladsy van hierdie boek uit. Knip op die stippellyne. Vou die bladsy op die lyne. Skryf die titel van die boek op die omslag. Skryf jou naam onder die titel, want jy is die skrywer. Teken 'n prentjie op die omslag. Skryf jou storie nou in die boek.

## AGTERBLAD

## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon

8

## BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

STAP 2: Vou op die stippellyn.

STAP 3: Kram aan hierdie kant.


Stap 4: Knip op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 1: Vou op die stippellyn.

5


Sit jou storie hier voort.

Teken hier 'n prentjie.



4

Skryf die middel van jou storie hier.



Teken hier 'n prentjie.


Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.




Sluit jou storie af.

7

3


Sit jou storie hier voort.



Teken hier 'n prentjie.


6

Skryf wat aan die einde van jou storie gebeur.



Teken hier 'n prentjie.

# My woordeboek













# My woordeboek



E e



F f



G g



H h

# My woordeboek



I i



J j



K k



L l

# My woordeboek



M m



N n



O o



P p


# My woordeboek









# My woordeboek



U u



V v



W w



X x

Y y

Z z